# EK GLO
## BELYDENIS JAAR

GELOOF

GETUIG



GOD SE WOORD

GAAN DISSIPELSKAP

GEESTELIKE WÊRELD

MENTORSKAP

**moreleta** belydenis

# INHOUD


3 1. GELOOF & GELOOFSEKERHEID
8 2. TESTIMONIUM OM TE GETUIG
13 3. GOD DRIE-ENIG
17 4. MENTORSKAP
20 5. GOD SE WORD VIR VANDAG SE TYD
24 6. NAGMAAL
28 7. KERK: WIE IS DIE KERK?
31 8. MY PLEK IN DIE OPS-ROOM
35 9. VERHOUDING MET GOD
40 10. GEBED
44 11. DOOP
48 12. GOD SE KONINGKRYK
52 13. HEMELVAART & PINKSTER
56 14. JOU SKADUWEE DIE HIELIGE GEES
60 15. JOU GETUIENIS: SHAPE
64 16. DISSIPELSKAP
69 17. DOOD & WEDERKOMS
73 18. DIE GEESTELIKE WÊRELD
77 19. ONS VOLKSLIED
81 20. 4 HOEKSTENE VAN BELYDENIS
85 21. ROMANTIESE VERHOUDINGS
89 22. VERHOUDINGS MET VRIENDE
92 23. VERGIFNIS
96 24. KULTURELE INTELIGENSIE
99 25. SENDING


## NOTAS

# 1 GELOOF & geloofsekerheid

EFESIËRS 2:1-10

HEBREËRS 11:1



Hebreërs 11:6


HANDELINGE 16:30-31

Handelinge 26:18


Titus 3:5-7

Johannes 1:9-12

Is ek seker dat ek aan God behoort?



# PRAAT DAAROOR



Ons gaan deur die loop van die jaar saam 'n fondasie bou vir wat dit beteken om 'n ware getuie te wees van die Jesus storie. As ons praat van jou getuienis, dan beteken dit dat jy sekerheid het om dit waarin jy glo met iemand te kan deel as die reine waarheid. Daar is nie 'n beter plek om te begin nie, want hoe kan jy van jou geloof voor mense getuig as jy nie eens seker is van jou eie redding nie?

## So gepraat van redding...

Woorde wat jy gereeld in Testimonium gaan hoor is, verlosser, redding, oorwinning, vryheid. Daar word gereeld verwys na die evangelie wat goeie nuus beteken. Al hierdie woorde wys vir ons iets baie duidelik uit: Ek en jy is in die moeilikheid en dalk het jy dit tot vandag toe nog nie geweet nie. Moeilikheid: Jy sien, die God van die heelal het Homself bekend kom maak vir die mensdom deur'n klomp geskrifte wat ons die Bybel noem, vir ons beskikbaar te maak. Dit is juis in die boek wat ons besef dat ons in die moeilikheid is en redding nodig het.

Die Bybel vertel vir ons dat alles nie okay is tussen die mens en God nie. Die feit dat ek dalk nog net een sonde gedoen het maak dat God nie met my verder kan assosieer nie. God is heilig, betroubaar, lief vir die waarheid en meer as dit, haat hy sonde. En dit is presies sonde wat 'n skeiding of 'n vyandskap gebring het tussen mens en God (Jesaja 59:2).

## Hoe weet ek of ek 'n sondaar is?

Doen 'n maklike en vinnige toetsie deur vir jouself die volgende vraag te vra: Dink jy dat jy gaan doodgaan eendag? Ken jy iemand wat nog nie doodgegaan het nie en wat al vir duisende jare al leef? Hierdie eenvoudige antwoord is nee. En Paulus help ons om te verstaan dat die rede hiervoor is omdat ons sondaars is (Romeine 3:23). Die uiteinde van sonde is die dood. Sonde se uitkoms is dat ons uiteindelik gaan doodgaan juis as gevolg van my sonde en juis as gevolg van die feit dat die God van die heelal sonde haat en Homself nie kan assosieer met dit nie. Mense weg van God leef slegs vir hulle eie behoeftes en drange. Het ander net lief wanneer dit hulle pas. Dit is egter nie wie God ons gemaak het om te wees nie.

## Was dit van die begin af God se plan dat ons weens sonde sterf?

Definitief nie! God het die mens geskape in sy beeld om vir ewig te leef saam met Hom in die paradys. Maar toe kom sonde in die storie en dus ook die dood en ook vyandskap tussen mens en God. Die gevaarlikste ding wat jy vandag kan glo is dat jy bloot net omdat jy nie te veel vloek, nog nie dwelms gebruik het nie en so nou en dan kerk toe kom eintlik fine is met God. Dat hierdie hoofstuk nie eintlik van toepassing is op jou lewe nie. Dit is dalk gou tyd weer vir die toetsie...Glo jy dat jy nooit hier op aarde doodgaan nie? Daarom onderskei ons nie tussen groot en klein sondes nie. Almal van ons is ewe ver van God af en ewe sondig (Rom 10:3)








#HARDOP

**Kan jy saam met jou groepleier vandag op die eerste boublok staan en erken dat jy:**

1. **'n sondaar is,**
2. **beter verstaan dat God wat goed en heilig is eintlik die reg het om vir jou kwaad te wees en**
3. **bewus word dat jy 'n redder nodig het?**

**Gee vir almal die kans om hardop te bely dat hulle sondaars is. Hoe vinniger ons dit agter die blad kan kry, hoe vinniger kan ons by baie goeie nuus uitkom!**

**BREAKING NEWS**

## Baie goeie nuus!

Hierdie nuus se naam is **Jesus!** Testimonium gaan Jesus se storie gebruik om jou te help bou aan jou eie storie en jou eie getuienis van jou verhouding met Jesus. En hierdie storie van Jesus gaan so diep in jou hart begin leef dat jy kort voor lank self gaan begin praat oor hierdie storie van Jesus in jou hart.

#HARDOP

**Gee vir elkeen in die groep die geleentheid om die naam van Jesus hardop te sê. Hierdie naam dra so baie krag dat mense gered word deur net hierdie naam aan te roep (Romeine 10:13).**

**Is jy reg om die storie in hierdie jaar te leer ken oor die Een wie se naam jy nou geroep het? Ons vertrou dat aan die einde van jou Testimonium jaar jy 'n baie beter idee gaan hê wie die Jesus is wat jy vandag aangeroep het.**

As hierdie Jesus se storie jou storie word, noem ons jou 'n gelowige! Yeah! Dit is die grootste wonderwerk wat ooit met die mens kan gebeur en ons gaan dit vir jou probeer wys deur die loop van die jaar. Dit is baie meer as om net die "Christen" boksie te tick as jy deel van die land se sensus gaan wees. Dit is 'n radikale nuwe identiteit wat oopgesluit word slegs vir gelowiges.

**Geloof,** volgens die Heidelbergse Kategismus (HK), is dit kennis en vertroue. Kennis is wat jy weekliks gaan opdoen as jy deur die Bybel werk, aan jou groepleier se lippe hang of na 'n preek luister in die kerk. Jy gaan op die manier 'n klomp kopkennis opdoen van Jesus, God, die Heilige Gees, die kerk en hoe alles met mekaar te make het.

Dit bly egter net kopkennis. Dan help vertroue my om te glo dat God se storie die waarheid is. Ek kan nie noodwendig aan God vat of met Hom op die foon praat nie, maar ek vertrou dat alles wat ek oor hom leer waar is.

Verbeel jou jy ry oor 'n brug wat twee berge met mekaar verbind hoog in die lug: Jy kan klomp navorsing gaan doen oor hoe presies 'n brug gebou word, hoe verskillende kragte inspeel op mekaar om groot massas gewig te kan dra. Jy kan navorsing gaan doen oor die verskillende ingenieurs wat gewerk het aan die brug en hoe betroubaar hulle is. Maar êrens gaan jy moet vertrou dat alles wat jy oor die brug geleer het die waarheid is en dat die brug jou sal kan hou.

So werk dit ook met geloof. Ons kan klomp kopkennis oor God opdoen, maar êrens gaan ons moet vertrou dat dit die waarheid is en bloot net oor die brug ry. So bang soos wat jy mag wees.

Verstaan jy nou hoekom ons verwys na die Jesus lewe as 'n groot avontuur?Hierdie program kan jou vertel hoe groot God is, hoe goed hy is, hoe lief hy vir jou is. Maar jy moet vertrou dat dit alles die waarheid is, oorgee, en vir die Here vra om jou te gebruik.




## Prakties

**Kennis:**
Die Bybel en ander buite bybelse bronne vertel ons dat daar ongeveer 2000 jaar gelede 'n man met die naam Jesus op aarde geleef het wat die seun van God was. Hy het nie sonde gedoen nie, maar het gesê hy is bereid om gestraf te word vir almal anders se sonde en uiteindelik die wurggreep wat die dood op mense deur al die eeue gehad het te breek. Hy het dit gedoen deur te sterf, maar hy het uit die dood opgestaan. Hy nooi nou mense om te sterf in hulleself sodat hy wat Jesus is deur hulle kan leef vir altyd. (Hierdie is om die storie van Jesus te ken).

**Vertroue:**
Vir my om nou te glo dat hierdie storie volkome waar is al het ek nog nooit vir Jesus gesien in persoon nie is om te vertrou in God. Ek kies om aan hierdie storie vas te hou al moedig mense my aan om nie daarin te glo nie. Om dit reg te kry is om jouself 'n gelowige in God te kan noem. Om te glo is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie (Hebreërs 11:1).





## #HARDOP

**Is jy reg om hierdie jaar oor die brug van geloof te loop al weet jy nie of die brug jou gaan hou nie?**

**As jy antwoord ja was, het jy klaar jou eerste wonderwerk hierdie jaar beleef, God het dit vir jou deur geloof moontlik gemaak om in Hom te kan glo!**

### get real

Die lewe is tough daarbuite. Ons weet dat amper die helfte van ons samelewing met 'n mate van angs sukkel. Wat help dit ons leer jou van geloof en geloofsekerheid, maar jy staan môreoggend weer op met angs en vrees vir die dag van môre? Tensy geloof in God 'n rol in angs kan speel? Sou geloofsekerheid 'n invloed op jou angs kan hê?






# 2 TESTIMONIUM

## om te getuig

ROMEINE 6:23

EFESIËRS 2:8-9



JOHANNES 3:16


EFESIËRS 2:8

ROMEINE 10:13

2 KORINTIËRS 5:18-19


Tool to salvation through Jesus

# PRAAT DAAROOR



Ons eerste bousteen het vir ons gewys dat geloof 'n crucial deel van ons pad saam met die Here is. Vandag kyk ons na die Tool to Salvation; die inhoud van ons geloof. Deur geloof kies ons vir hierdie meesterplan van God, sodat ons kan deel in die oorvloedslewe wat Hy vir ons beplan het. Hierdie sewe stappe is nie net sodat jy dit self kan verstaan en onthou nie; dit gee vir jou 'n maklike, praktiese tool om die storie van Jesus met iemand anders ook te deel! Kyk saam met ons hoe hierdie meesterplan in Jesus lyk! Met hierdie meesterplan gaan jy uiteindelik jou geloof met enige iemand kan deel.


## 1 Ons is almal kinders van die vallei van die dood



Ons is gebore in sonde. God haat sonde. God is lig en lewe. Sonde bring duisternis en dood. God kan Homself nie assosieer met sonde nie, want God is heilig. Ons sit dus met 'n probleem. Daar is bad vibes of 'n vyandigheid tussen jou en God en die ergste van alles is dat jy so gebore is. Ons almal leef outomaties in die vallei van die dood – dis ons vertrekpunt. Ons sien daagliks die bewyse van die gebrokenheid van die wêreld in al die hartseer van diewêreld. Dit alles lei uiteindelik tot die dood.

**Want wat die sonde uitbetaal is die dood. Maar God se genadegeskenk is die ewige lewe. Romeine 6:23**

## 2 Ons is almal kinders van die vallei van die dood




Die mens dink hulle kan by hulleself uit die vallei van die dood klim tot by God. Baie mense dink dat as ek goeie werke doen kan ek hierdie ewige dood, wat ek verdien as straf vir my sonde, vryspring. Dit mag dalk vir sulke persone een van die grootste verrassings wees as hulle die waarheid verstaan. Die waarheid is dat geen werke ons verhouding met God kan herstel nie, want ek bly steeds 'n sondaar in die vallei van die dood. Niemand het al ooit deur goeie werke alleen redding verkry nie. Die probleem is nie ons goeie werke as sulks nie, maar die boosheid van ons sondige natuur.


**Dit is mos die genade wat julle verlos het deurdat julle tot geloof gekom het. En julle verlossing kom nie uit julleself nie maar is 'n gawe van God. Dit is nie die gevolg van julle dade nie. Niemand kan daaroor grootpraat nie. Efesiërs 2:8-9**





## 3 God wil 'n verhouding met ons hê




God wil egter baie graag met mense in 'n lewendige verhouding staan. Hy het immers heel aan die begin gesê dat Hy die mens gemaak het om sy beste vriend te wees. Daarom het Hy nog altyd deur die loop van die geskiedenis planne beraam om weer die gebrokenheid van die verhouding tussen ons en God te herstel. Sy heel beste asook laaste plan was toe Hy sy Seun gestuur het om reg in die middel van die vallei van die dood te gaan mens word sodat ons presies kan sien wie God werklik is.

Tussen prostitute, tollenaars, rowers en rykes het God mens geword. Daar het Jesus as 'n mens geleef en dit is juis hier in die hartjie van die vallei van die dood waar Hy namens ons gesterf het vir al ons sondes, sonder dat hy self gesondig het. Om te sterf vir ons sondes was een ding. Maar toe hy uit die dood uit opgestaan het was dit 'n ander ding! Hiermee verklaar God dat dood nooit weer 'n houvas op ons hoef te hê nie en dat ons nou, as ons in Jesus glo, nooit hoef te sterf nie. (Dit is inderdaad 'n wonderwerk). Nou word die ewige lewe deur Jesus 'n nuwe realiteit - van die dag wat jy glo dat hy vir jou in die vallei van die dood kom sterf het aan die sonde kruis.

**Want so lief het God die wêreld gehad dat Hy sy enigste Seun gestuur het sodat elkeen wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. - Johannes 3:16**

## 4 So red Jesus ons



Die kruisdood van Jesus raak nou die middelpunt van my bestaan. Dit is die kruis wat 'n reddingsboei vir my afgegooi het en wat my uitgetrek het vanuit die vallei van die dood. Is dit nie amazing nie? Jy het niks gedoen om dit te verdien nie, maar dis inderdaad God wat deur sy Seun jou kom red het van die dood.


**Dit is mos die genade wat julle verlos het deurdat julle tot geloof gekom het. En julle verlossing kom nie uit julleself nie maar is 'n gawe van God. Dit is nie die gevolg van julle dade nie. Niemand kan daaroor grootpraat nie. Efesiërs 2:8-9**

**#HARDOP**

**Gesels met mekaar oor hierdie vierde beweging; waar ons gevra word om elkeen ons kruis op te neem. Dit beteken: my lewe is nie my eie nie, maar behoort aan Jesus.**

**Wat hou jou as tiener terug om elke dag te leef soos wat Jesus dit wil hê? Wat is die gevolg wanneer ons nie ons kruis opneem nie?**

## 5 Nou is ons verbind aan God




Nou moet ek glo dat daar 'n lewenslange vriendskapsband tussen my en God is. Geloof in Jesus, en om met my hele hart te glo dat Hy vir my gesterf het, raak nou my kosbaarste besitting. (Kennis van Sy storie, vertrou dat dit waar is). Ek het niks gedoen om dit te verdien nie, maar dit is alleen uit genade!

**Dit is mos die genade wat julle verlos het deurdat julle tot geloof gekom het. En julle verlossing kom nie uit julleself nie, maar is 'n gawe van God. - Efesiërs 2:8**

## 6 Deel van 'n nuwe storie: Ek word 'n brugbouer


Dit is nou die storie van my nuwe lewe. 'n Lewe wat nou volkome versoen is met die God deur sy Seun - Jesus. Nou nooi God ons om saam met Hom op reis te wees om uiteindelik die hele wêreld met Homself te versoen, sodat almal wat nog vasgekeer is in die vallei van die dood, ook gered kan word.



Nou sien ons die wêreld om ons nie meer deur ons ou oë nie, maar deur die oë van Jesus. Ek is nou 'n brugbouer.

**Hierdie hele nuwe werklikheid kom van God af, wat ons deur Christus met Homself versoen het en aan ons die bediening van die versoening gegee het. Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en nie die mense se oortredings teen hulle hou nie. Hierdie boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou om te gaan verkondig. - 2 Korintiërs 5:18-19**

## 7 Bid saam as geredde gelowiges



Bid saam met die persoon 'n gebed waar Jesus se versoening aanvaar word. Gebed maak goed legit. Dit help ons verstaan dat God ons gehoor het.

**Almal wat die naam van die Here aanroep sal gered word.- Romeine 10:13**

## get real

- Hoe help die tool to salvation jou om met ander mense jou storie te kan deel? Hoe kan ons hierdie sewe bewegings op so 'n manier deel sonder dat dit klink of ons 'n rympie opsê?
- Oefen saam met 'n persoon in jou groep! Deel jou storie deur te verwys na die 7 stappe soos wat dit vir jou al relevant was.






# 3 GOD
## drie-enig

TITUS 2:13

FILIPPENSE 1:2

LUKAS 15:11-32

HANDELINGE 5:3-4

MARKUS 1:9-11

JOHANNES 5:19




GALASIËRS 5:22-23

JOHANNES 3:16

MATTEUS 28:19

JOHANNES 11:41-42

# PRAAT DAAROOR





Noudat ons bepaal het dat alles wat ons nodig het om te weet in hierdie leeftyd opgeskryf is in die Bybel, kan ons gerus julle bekendstel aan ons hoof-karakter van die storie met sy drie verskillende elemente. Ons verstaan van die Drie-eenheid is dat God ewig bestaan, as een wese, maar terselfdertyd as drie aparte persone bestaan naamlik God die Vader, God die Seun (Jesus) en God die Heilige Gees. Elkeen is apart God, maar ook saam God. Hulle staan in 'n verhouding van eenheid en liefde met mekaar. Kom ons kyk na die drie aparte persone van God en dan na hoe ons kyk na God Drie-enig.

Dink aan jou hardgekookte eier wat jy vir ontbyt gehad het. Een eier, met 'n duidelike dop, eierwit en eiergeel. God: Een God, drie elemente. Vader, Seun, Heilige Gees.



#HARDOP

**Lees Matteus 28:19**

**Wat is die naam waarvan hulle praat?**
**(Wenk – dink aan wat die Drie afsonderlik is en ook saam is.) Let op – "Naam", nie "name" nie.**
**Die enkelvoud word gebruik.**

## Die drie (Soos wat ons dit leer in die Bybel)



**Vader:**

Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus! (Filippense 1:2)



**Jesus:**

Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn. (Titus 2:13)



**Heilige Gees:**

Petrus sê toe vir hom: Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg en van die verkoopprys van die grond vir jouself agter te hou? Die grond was mos joune, en toe dit verkoop is, kon jy met die geld gemaak het wat jy wou. Wat het jou besiel om dit te doen? Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God. (Handelinge 5:3-4)


Hierdie help ons verstaan dat daar 'n **direkte verbintenis** is tussen God en die karakters van die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

## God wil 'n verhouding met ons hê

Alhoewel dit ingewikkeld klink, kan ons kortliks dit so verduidelik volgens John Piper: Die Vader is nie die Seun of die Heilige Gees nie.

**VIR DIE TOP 10:**

Wie is John Piper? Hy is 'n baie betroubare teoloog uit Amerika. *Challenge: besoek sy webtuiste www.desiringgod.org*




**Lees Markus 1:9-11.**
Hierdie gedeelte fokus op die Vader, Seun en Heilige Gees se **afsonderlikheid.**





**Die afsonderlike persone word ook gekenmerk deur Jesus se deurlopende gesprekke met die Vader (Johannes 5:19, 11:41-42). Jesus het tot die Vader gebid, nie tot homself nie (wat bietjie vreemd sou wees) en die Gees word ook apart uitgebeeld byvoorbeeld in Handelinge 2:2-4.**

## Apart en uniek

- Die Vader, Seun en Heilige Gees is apart en nie net bloot drie verskillende karaktereienskappe van wie God is nie.
- Elkeen is ook nie 'n derde van God wat almal saam God opmaak nie, maar is ten volle God (waarby ons nou gaan kom).

**Gesels oor die unieke aspekte/eienskappe van elke persoon van die Drie-eenheid.**






### Vader:

Hy is die Skepper en wat nog? Lees Lukas 15:11-32



### Jesus:

Hy is volkome mens al is hy God. Hy kom wys ons presies wie die Vader is en wys ons wie God is. Jesus is lief vir armes, lief vir vroue en weduwees. Hy is lief vir die mensdom. Ken jy ander stories uit die Bybel wat hierdie eienskappe wys?



### Heilige Gees:

Hy is by ons, hy vertroos ons, gee ons wysheid, is ons helper en gee ons die vrugte in ons (Galasiërs 5:22-23). Ons gaan later die jaar nog meer oor die Heilige Gees gesels.



## Terug by die hardgekookte eier

Jy mag dalk nou by jouself dink. Wat het die Drie-Eenheid te doen met die prys van eiers? Dit mag dalk vir jou voel ons probeer om jou te oortuig hoe belangrik jou meisie se tweede naam is as jy wou weet of dit regtig gaan werk. God help ons Hom beter verstaan vanuit die drie enigheid. Dit is belangrik om al God se eienskappe regtig goed te leer ken as ons God wil leer ken. Hierdie eienskappe van die Heilige Gees, Jesus en die Vader help ons om God in al sy glorie te leer ken.

**"Net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe."**
**1 Korintiërs 8:6**

## Dit was so van die heel begin af

Die skeppingsverhaal wys vroeg al dat God die hoofkarakter in die verhaal is. Maar nou dat ons die Drie-Eenheid beter verstaan gaan jy heel moontlik ook nou beter verstaan hoe merkwaardig Genesis 1:26 is. Wanneer God sê: "Kom ONS maak die mens as ONS verteenwoordger". Dit beteken die Vader, die Seun en die Heilige Gees was van die begin af daar.

Johannes kom bevestig hierdie wanneer hy in sy heel eerste hoofstuk sy lesers herinner dat die die Woord (Jesus) van die begin af daar was. God in sy volheid het die versoeningsplan met die wêreld haarfyn beplan. Dit weet ons as ons na jou en my roepingsteks kyk.


## Dit beteken...

Om werklik 'n dissipel te wees beteken om al drie die verskillende aspekte van God te leer ken. Die Vader, wat liefdevol is en vir ons voorsien. Jesus, wat God se aardse weergawe is, om juis vir mense te leer wie God eintlik is. Die Heilige Gees, wat dit moontlik maak om God baie naby aan ons lywe te hê. Om 'n dissipel te wees van God, moet jy al Drie ken en glo in dit wat Hulle is.

## get real

As dit belangrik is om al die eienskappe van God te leer ken, dink jy dit kan jou help om jou aardse Pa beter te verstaan? Anders gestel, dink jy jou aardse Pa kan bydrae dat jy dalk 'n wanpersepsie het van God die Vader?

Dit is onregverdig en verkeerd om God die Vader te verbind met jou aardse Pa. God is net goed, hy is net liefde en maak nie foute nie en sal nooit teleurstel nie.



# 4 MENTORSKAP

GENESIS 12

ABRAHAM



SAULUS/ PAULUS

BARNABAS

Mentoring is a brain to pick, and a ear to listen, and a push in the right directtion.
John C Crosby

# PRAAT DAAROOR



Dink gou bietjie aan jou gunsteling stories, jou gunsteling reeks of jou gunsteling flieks… In meeste van hulle sal daar iewers 'n verhouding tussen twee mense of karakters wees waar die een meer weet as die ander een. Deur hierdie verhouding (dink bv. aan 'n polisie fliek wat altyd 'n rookie het), leer die nuweling dan wat om te doen, hoe om die werk te doen, wat om nie te doen nie en hoe om te reageer op situasies waarin hy/sy sou kom. Ons is oortuig dat jy die heel beste leer by iemand wat alreeds beleef het wat jy nou gaan beleef. Dink nou gou aan vandag – hoekom dink julle is daar goed soos praktiese vakke en eksamens op universiteit, internskappe, leerskappe, 'n praktiese jaar ens. verbonde aan verskeie rigtings? Jy gaan heel moontlik hope tyd by 'n tutor spandeer as jy eers op universiteit is. Al hierdie goed is belangrik, want dit is die mees effektiewe manier om kennis en vaardighede oor te dra.

**Hoort mentorskap in die kerk? Hoekom?**

#HARDOP

Teen nou weet julle dat die Jesus lewe gepaard gaan met dissipelskap. Deel van dissipelskap is mentorskap. Dit is die leerproses waar jy by iemand leer deur te sien wat hulle doen, vrae te vra, te gesels, te wonder en om saam deur die moeilikhede van die lewe te werk. Daar is 'n ou Joodse storie wat vertel dat as iemand by 'n Rabbi (leraar) wou leer, daardie persoon (soos 'n apprentice) moes word. (The Apprentice was 'n TV program wat Donald Trump aangebied het voor hy president geword het.) Hierdie verhouding tussen die rabbi en sy dissipel was een waar die dissipel letterlik alles gedoen het wat die rabbi gedoen het. Hy/sy moes baie naby aan hom bly en sodoende het hulle saam die lewe geïnterpreteer. Daar word vertel dat die beste dissipels, die was wat vol stof was van hulle Rabbi, omdat hulle so naby aan hom geloop het. Hulle het so nou agter hom aangeloop dat die stof wat hy opgeskop het op hulle gaan lê het. En dit is wat mentorskap is – om 'n mentor te hê by wie jy sou kan leer, saamloop en die lewe interpreteer. 'n Mentor is iemand waarmee jy in verhouding staan, wat betroubaar as gids, ondersteuner, uitdager en leier dien wat in jou lewe kan inspreek om jou te help ontwikkel en groei. Daar is verskeie modelle en maniere om dit te benader waarvan die heel belangrikste is dat jy in 'n diep verhouding met iemand staan wat betroubaar is en jou sal kan begelei.

Dit is hoekom die volgende uitdaging aan jou, Testimonium-lid, geplaas word:

## KRY 'N GEESTELIKE MENTOR

**Hoort mentorskap in die kerk? Hoekom?**

#HARDOP

Mentorskap is 'n Bybelse model, selfs al kom die woord 'mentor' nie een keer in die Bybel voor nie. Vanaf Genesis 12 af sien ons hoe God met Abraham gesels, hom raad gee en lei... Dit is een belangrike aspek van dissipelskap, 'n konsep waaroor ons volgende week bietjie gaan gesels. Regdeur die Woord sien ons hierdie mentorskapsidee voorkom. Een van die mooiste voorbeelde is sekerlik die verhouding tussen Barnabas en Paulus direk na Paulus (toe nog Saulus) se bekering. Na Saulus se bekering ontferm Barnabas hom oor Paulus, waar die ander dissipels gesukkel het om te glo dat hul voorheen grootstevervolger skielik 'n voorstaander van Jesus is. Barnabas het hom betrek, sy potensiaal gesien en dit help ontgin. Hy het hom as gelyke hanteer (mentorskap is 'n twee-rigting verhouding), en vir Paulus ruimte gegee om te leer en te groei. Hy het saam met Paulus die lewe geïnterpreteer.

**Kan julle nog Bybelse voorbeelde noem?**



#HARDOP


## Hoekom mentorskap?

Net soos wat daar in die korporatiewe wêreld waar meeste van julle eendag gaan werk mentors is om internskappe te hanteer en nuwelinge touwys te maak, glo ons ook dat dit krities is vir enige individu se geloofslewe. Dit is krities om die God-gegewe potensiaal binne elkeen van ons te herontdek, en deur die Gees se leiding dit te ontgin en ontwikkel. Mentorskap is holisties, en behels alle aspekte van jou lewe, maar ons glo dat dit alles vanuit 'n verhouding moet geskied, en dat jou geestelike lewe krities is tot al die ander aspekte in jou lewe. Dus die volgende kritiese vraag:

**HET JY 'N GEESTELIKE MENTOR?**

Ons droom is dat elkeen van julle onder 'n geestelike mentor moet staan, iemand wat jou kan inspireer, help en lei op die pad vorentoe. Belangrik om te onthou dat mentorskap 'n doelgerigte ding is – dit gebeur nie net nie. Dit is 'n unieke tipe verhouding in ons lewens, wat afgeskeep word in ons huidige samelewing.

**Dit is nie opsioneel nie.** Net soos wat mens beter word in 'n aktiwiteit as jy dit saam met mense wat goed is daarin doen, so ook met jou geestelike lewe. Ons kan nie bekostig om sonder mentors deur die lewe te gaan nie. Dit geld vir persoonlike mentorskapsverhoudings, sowel as verbintenis aan die geloofsgemeenskap. Van volgende jaar af gaan jy al hoe meer belangrike besluite moet neem. Besluite rondom verhoudings, jou toekoms, jou vriende, jou finansies en jou huisgesin wat groot gevolge kan hê. God het ons nie gemaak om self hierdie besluite te neem nie. Daarom word mentorskap al hoe meer belangrik.



## Hoe vra mens iemand om jou mentor te wees?

Identifiseer vir jou iemand wat jy respekteer en graag sal wil hê moet as jou mentor dien. Dit kan 'n ouer wees, 'n groepleier, predikant, onderwyser, afrigter, selfs 'n geestelik sterk vriend of vriendin. Nooi hulle vir 'n koffie en wees oop en eerlik daaroor. Onthou net dat dit 'n ander tipe verhouding is – dit is doelgerig ingerig om jou te help om geestelik te groei en te equip sodat jy self ook die pad kan stap. Ons besef dat hierdie die heel grootste geskenk is wat Testimonium 2020 vir jou kan gee.
Maak erns daarmee.

**FOLLOW ME!**



# 5 GOD SE WOORD

## Vir vandag se tyd

FILIPPENSE 4:13

PSALM 119




PSALM 1

JOHANNES 1:1-4

PSALM 119:105

# PRAAT DAAROOR




Die Psalm-skrywer het al eeue terug die vraag gevra wat so baie van ons vandag nog vra: Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoonhou? Hoe kan ons, in 'n gebroke wêreld vol seer, gelowiges wees? Wat maak ons wanneer die wêreld wink in 'n oppervlakkige lewe sonder diepte of betekenis? Hoe keer ons dat ons nie verval in 'n lewe van sonde nie? Die Psalm-skrywer gee gelukkig vir ons 'n antwoord ook: Deur hom te hou aan u woord (Psalm 119). Die Bybel wat deur die eeue heen oorgedra is aan ons om ons te leer, ons te bemoedig en ons te rig na die enigste Een waarin daar hoop lê: Jesus Christus. Dit leer ons van die lewe, van swaarkry, van vreugde, dit maak selfs goeie sosiale media posts, maar belangrikste van alles wys dit ons op die reddingsdaad van die kruis. Die narratief (verhaal) van God wat 'n verhouding met ons wil hê word vervat in hierdie bladsye – die storie van God se versoeningspad met die wêreld.

## Waar kom die Bybel vandaan?



Vir ons om die Bybel verantwoordelik te lees, is dit nodig dat ons net 'n oomblik stilstaan by hoe die Boek wat ons as die Bybel ken, tot stand gekom het. Die Boek is nie eintlik 'n boek nie, maar 'n biblioteek van 66 boeke wat verdeel word in die Ou- en die Nuwe Testament (39 in die Ou- en 27 in die Nuwe Testament).

Dit vervat die versoeningsverhaal en geloofsgeskiedenis van die volk van Israel. Van Genesis af waar die skepping en die verbond gesluit is tussen God en die mens, en hoe die verhouding tussen God en die mensdom verander het. Eksodus wat die storie van Israel se uittog uit Egipte vertel ens. Dit bevat verder wysheid - Spreuke en Prediker, liedere en poësie in Psalms, profetiese nadenke soos Jesaja, Jeremia en Esegiël en dan die evangelies van Markus, Matteus, Lukas en Johannes, wat die verhaal van Jesus se tyd op aarde vertel. Verder in die Nuwe Testament sien ons die ervarings van die vroeë kerk in die briewe aan gemeentes en persone Al hierdie boeke en briewe het oor 'n lang tydperk ontstaan en het 'n lang geskiedenis.



Dit het nie net so uit die lug uit geval, mooi in 'n Afrikaanse vertaling in nie. Daar is 'n lang geskiedenis van mense wat die geskrifte ernstig bestudeer het om betroubare vertalings op te stel, wat ons vandag kan lees. Daar is 'n klomp verskillende vertalings, van letterlike vertalings (wat die ou Hebreeuse en Griekse geskrifte direk probeer vertaal – soos die Afrikaanse '33 en '53 vertaling), tot vrye vertalings (wat meer gerig is op eenvoudige taal – soos Die Boodskap vertaling). Die een is nie noodwendig beter as die ander nie, dit is net 'n ander benadering wat gevolg is in die vertalingsproses.


Die Ou Testament staan ook bekend as die Hebreeuse Bybel, en was al bekend aan die dissipels en aan Jesus in sy tyd hier op aarde. Die Nuwe Testament is die voortvloeisel van die Ou Testament se verhaal, waar Jesus die verbond verder kom vat het, en die kerk die vermoë kom bied het om God se teenwoordigheid en versoening direk te aanvaar en te ervaar, te danke aan die kruis, opwekking en die uitstorting van die Gees.

- **Watter vertaling lees jy?**
- **Wat is jou gunsteling teks in die Bybel en hoekom?**



#HARDOP








## Hoe lees ons die Bybel?

Wanneer ons Bybel lees, is daar verskillende maniere wat mense gebruik. Nie almal is ewe effektief nie. 'n Mens is welkom om dit volgens onderwerpe te lees, dagstukke te gebruik ens. 'n Goeie idee is om ten minste self die Bybel een keer van begin tot einde deur te lees, sodat mens God se narratief so beleef.

Om die Woord relevant te verstaan en te beleef vir vandag, moet ons die konteks van die Bybel in ag neem. Daarom is 'n Studiebybel altyd 'n goeie belegging!

Om die Woord van God ons eie te maak, volg ons 'n drie-stap proses:

### 1 Verstaan

Ons moet verstaan wat die Bybel vir die oorspronklike lesers daarvan beteken het. Met ander woorde – konteks!

### 2 Toepassing

As ons die konteks verstaan, kan ons verstaan wat relatief was tot daardie tyd, en wat absoluut is ten alle tye. Dan kan ons dit herlei na ons konteks vandag, en die boodskap na ons eie tyd toe bring. 'n Voorbeeld hiervan is die "broederlike kus" waarvan ons in Romeine lees. Groet mans mekaar vandag nog so? Nee, in die Afrikaner kultuur ten minste skud ons blad en kyk mekaar in die oë. In ander Afrika kulture gaan mens juis nie oogkontak maak nie. Maar moet ons mekaar nog doelbewus groet met liefde en respek? Ja. So respek vir mekaar is die absolute, maar die manier waarop ons dit doen is 'n kulturele relatiewe.

### 2 Kommunikasie

Dan kan ons dit kommunikeer en toepas in ons lewens.

#HARDOP

- **Kom ons neem 'n praktiese voorbeeld uit die Bybel om die beginsel hier bo toe te pas en te oefen.**
- **Begin deur saam Filippense 4:13 te lees.**
- **Wat dink julle is die betekenis van hierdie vers vir ons vandag?**

Kom ons neem 'n praktiese voorbeeld uit die Bybel om die beginsel hier bo toe te pas en te oefen. Begin deur saam Filippense 4:13 te lees. Wat dink julle is die betekenis van hierdie vers vir ons vandag?

- **Lees nou vanaf vers 10 tot 13.**
- **Hoe verander dit die manier hoe ons dink oor die konteks?**
- **Noudat ons die konteks beter verstaan, hoe verander dit die manier hoe ons hierdie woorde van Paulus toepas en aan ander kommunikeer?**








Die Woord van God is heilig en mooi. Dit is vir ons gegee sodat ons meer en meer van God kan leer en saam met God kan groei om 'n dieper verhouding met God te hê. God wil deur die Gees met ons praat deur die Skrif, maar dit kan net gebeur as ons self erns maak om dit te lees en daaroor te mediteer, soos Psalm 1 ons aanraai om te doen. Die Skrif begelei ons in lewensituasies wat ons in 'n lewende verhouding met God bring, regdeur ons lewens.

Dit is waarlik soos wat in Psalm 119:105 geskryf staan: dat die Woord 'n lamp is wat ons die weg wys en 'n lig op ons pad is. Sorg dus dat jy nie jou lamp wegbêre en vergete laat lê op jou pad nie.



**U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.**
**Psalm 119:105**



**get real**

- Gesels met 'n persoon in jou groep. Werk saam met mekaar 'n plan uit wat vir julle gaan werk om tyd saam met God in sy Woord te spandeer.
- Watter tyd van die dag is die beste vir jou?
- Hoe lank dink jy is realisties om elke dag opsy te sit?
- Hoe wil jy die Bybel lees? Van voor af, dagstukkies, of 'n leesplan op YouVersion?
- Wat het jy nodig om die heel beste tyd saam met God in die Woord te spandeer? (Watter afleidings moet jy verwyder, het jy stilte nodig, dalk musiek in die agtergrond, hoe fokus jy al jou aandag op wat die Here vir jou wil sê?)

**YouVersion**





# 6 NAGMAAL

MATTEUS
26:26-30

MARKUS
14:22-26




LUKAS
22:15-22

1 KORINTIËRS
11:23-25

2 KORINTIËRS
5:19-20

# PRAAT DAAROOR





Ek vra onlangs vir 'n persoon wat nie in die kerk grootgeword het wanneer sy eerste keer was wat hy kerk bygewoon het as 'n volwassene. Al wat hy kon onthou was dat ons die spesifieke aand "shots" in die kerk gedrink het. Hierdie persoon het verwys na die gebruik van nagmaal tydens 'n erediens. 'n Baie spesiale gebeurtenis. Maar hoekom?

Ons het vier beskrywings in die Nuwe Testament van Jesus se instelling van die nagmaal (Matteus 26:26-30; Markus 14:22-26; Lukas 22:15-22; 1 Korintiërs 11:23-25).

Die vier beskrywings kom grootliks ooreen. Jesus het tydens die maaltyd van die Paasfees die nagmaal ingestel. Hy het vir die dissipels brood gegee met die woorde: "Neem, eet; dit is my liggaam" (Mat 26:26). Daarna het Hy die beker geneem en gesê: "Drink almal daaruit, want dit is my bloed" (Mat 26:27-28).

## Die betekenis van die nagmaal



Die nagmaal en die doop is die twee sakramente in die kerk. Die woord "sakrament" kom van 'n Latynse woord wat na 'n eed verwys. Ons noem die doop en die nagmaal "sakramente" omdat God Hom deur hulle aan ons verbind dat Hy ons sy genade gee. Dit is asof Hy 'n eed geneem het dat Hy ons deur die sakramente sy genade gee. So vir wanneer jy dalk voel dat God jou nie hoor nie, jou nie kan vergewe nie, nie in jou belangstel nie.

Onthou dat Hy deur die sakramente kontak met jou belowe het. Dit gaan in albei sakramente oor die genade, maar daar is 'n duidelike verskil:

- Wanneer 'n mens gedoop word, gee God jou sy reddende genade.
- En wanneer jy die nagmaal gebruik, gee God jou sy versorgende genade.

Ons loop 'n pad met die Here. Ons word aan die begin van die pad gedoop, en ons ontvang die nagmaal soos ons aanloop. Ons kan ook sê in die doop gee God jou 'n nuwe lewe, en in die nagmaal voed en onderhou Hy jou nuwe lewe. Die doop het dus met die begin van ons verhouding met Hom te doen, en die nagmaal met die voortgang van ons verhouding.

Wat nou vir ons duidelik word is dat deur ons doop en deur die nagmaal God ons aanhoudend herinner aan sy teenwoordigheid in ons lewens.

## Terug op die brug



Die brug vra dat ons met geloof oor hom moet loop. Dit help nie net ons weet 'n klomp goed van die brug nie. Êrens gaan ons in aksie moet oorgaan.

So ook in ons verstaan van die nagmaal. Ons kan die storie van die nagmaal oor en oor lees, op 'n fliek kyk of op 'n radiodrama luister. Êrens moet ons glo dat Jesus vir my gesterf het ter vergifnis van my sonde. In die doop en nagmaal gee God, en in die geloof neem ek aan wat Hy gee. En indien ons nie aanneem wat Hy gegee het nie, het ons dit nie.








Dit werk presies net soos by die kruis. Paulus skryf die wonderlike sinnetjie: "dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie" (2 Korintiërs 5:19). Deur die kruisdood van Jesus het God vir die mensdom versoening en vergifnis gegee. Maar dit beteken nie dat die mensdom gered is nie. Direk ná hierdie sinnetjie vervolg Paulus: "Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!" (2 Korintiërs 5:20)

God het gegee. Neem dit aan, dan het jy dit. Anders het jy dit nie. Deur die kruis het God vir die mensdom genade gegee. Paulus smeek hulle om dit aan te neem. En in jou doop het Hy sy verlossende genade aan jou persoonlik bevestig. Neem dit in die geloof aan en jy is sy kind. En neem sy versorgende genade in die nagmaal aan, en jy word versterk.



#HARDOP

- **Jy kry vir jou verjaarsdag 'n gift voucher by Woolworths. Hoe kan dit ons help om hierdie bogenoemde konsep te verstaan?**
- **(Jy moet die gift voucher invat en inruil, anders is dit nie baie werd nie)**

Maar die teendeel is net so ernstig. Dié in die wêreld wat nie sy kruisgenade aanneem nie, gaan verlore. En as jy nie jou doopgenade aanneem nie, gaan jy verlore.

## Die gebruik van die nagmaal



As Jesus gesê het die brood is sy liggaam en die wyn is sy bloed, hoe gebruik ons dan die nagmaal, hoe eet ons die brood en hoe drink ons die wyn?

Ons praat gewoonlik van die brood en die wyn as tekens, soms ook as simbole. Ons noem die brood die teken van Jesus se liggaam, en die wyn die teken van sy bloed. Wanneer ons nagmaal gebruik, ken ons sinnetjies soos "Wanneer ons hierdie tekens gebruik…" Maar Jesus praat nie van tekens nie. Hy het vir die dissipels brood gegee met die woorde: "Neem, eet; dit is my liggaam", en van die wyn: "Dit is my bloed."

Dit is seker nie verkeerd om van tekens te praat nie, maar dit is minder as wat Jesus gesê het. Jesus het gesê die brood is sy liggaam. Dit lyk my dit beteken wanneer ek die brood eet, eet ek Jesus se liggaam. En wanneer ek die wyn drink, drink ek Jesus se bloed. Maar hoe kan 'n mens dit verstaan?

Wat is die verhouding tussen die brood en die liggaam van Jesus? Daar is minstens vier maniere om hieroor te dink. Na die eerste een het ons reeds gekyk. Dis 'n teken of 'n simbool.



### Die Katolieke

Die tweede siening is dat die brood letterlik die liggaam van Jesus word, en die wyn sy bloed. Hulle glo die Here laat elke keer 'n wonderwerk gebeur dat die brood verander in die liggaam van Jesus, al lyk dit nog soos brood, en die wyn verander in sy bloed. Wanneer hulle nagmaal gebruik, glo hulle, hulle eet Jesus se liggaam en nie meer brood nie. Hulle praat van transsubstansiasie, letterlik die brood verander in die liggaam van Jesus.

### Die Lutherane

glo die liggaam van Jesus is deel van die brood. Hulle het 'n bekende formule: Ons kry die liggaam van Jesus in, onder en saam met die brood. Wanneer ons die brood eet, eet ons saam met die brood, as deel van die brood, die liggaam van Jesus.

### Die Gereformeerdes

het deesdae in die praktyk grootliks die tekensiening aanvaar. Daar was 'n Hervormer, Zwingli, wat dit so verstaan het. Maar Calvyn het anders gedink. Volgens hom eet ons deur die geloof Jesus se liggaam terwyl ons die brood eet. Hy het gesê ons het eintlik twee monde. Ons maag het 'n mond, en daarmee eet ons die brood. En ons hart het 'n mond, ons geloof. Daarmee eet ons sy liggaam.

In die verlede is hierdie verskille as baie erg beskou, en elke groep was oortuig hulle is reg. Maar ek is nie so seker daar is regtig so 'n groot verskil nie, veral in die praktyk, al voel ek die beste oor Calvyn se siening.

Wat beteken sy siening? Dat ek werklik met Jesus gemeenskap het terwyl ek die brood eet en die wyn drink. Ek eet nie die brood net as 'n teken van wat Hy aan die kruis vir my gedoen het nie. Dit natuurlik ook. Maar ek konsentreer op die brood en hoe ek dit eet. Ek eet en proe dit. En so "eet" ek Jesus, so neem ek Hom in die geloof in my lewe op. Dit is 'n belewing van gemeenskap met Hom.

Onthou sy "liggaam" en sy "bloed" is eintlik Hyself. Hy is sy liggaam en sy bloed. Deur in die geloof sy liggaam te eet, eet ek Hom.

## Die nagmaal as 'n ete



Die woord "nagmaal" kom van nagmaaltyd af, en dit beteken die maaltyd of die ete van die nag, omdat Jesus dit in die nag tydens die Paasfees ingestel het. En die Paasfees was 'n fees. Daarom is die nagmaal ook 'n fees.

Die nagmaal was van die begin af 'n volle ete. En die vroeë Christene het die nagmaal so gevier (1 Korintiërs 11:21, 25). Maar die stukkie brood en slukkie wyn wat ons by ons nagmaal gebruik, laat 'n mens nie eens aan 'n ete dink nie, wat nog van aan 'n fees. Dis jammer, maar dis moeilik om dit anders te doen as so baie mense gelyk nagmaal gebruik. Daarom maak ons die beste van 'n slegte saak. En indien 'n mens tydens ons nagmaalsviering werklik op Jesus konsentreer, kan jy tog iets van sy heerlikheid as 'n fees beleef.

Maar aan die begin was die nagmaal 'n fees. Paulus se gemeentes was huisgemeentes. Nie meer as ongeveer 15 mense kon in 'n huis bymekaar kom nie. Hulle het saam geëet en gedrink, en tyd gehad om hulle lewe en hulle verhouding met Jesus met mekaar te deel.

Ons sou in ons selgroepe of selgemeentes kon nagmaal gebruik. Dit sal veel meer 'n belewing van ons gemeenskap met die Here Jesus en met mekaar beteken.

## get real

Die mense wat hier om jou sit is broers en susters wat die dieselfde geloofbelydenis het as jy. Dit is 'n spesiale groep mense wie Jesus as die gemene deler het. Hierdie geleentheid het geen ander doel as vir julle as groep om saam 'n nagmaal ete saam te geniet nie.

**Die voorwaardes:**

1. Hou dit baie eenvoudig. Dit gaan nie oor die luuksheid van die brood of drank nie maar in die eenvoud van 'n geloofsfamilie.
2. Bid saam en vir mekaar en herinner mekaar dat ons nuwe identiteit lê in die bloed van Jesus Christus.

# 7 KERK:
## Wie is die kerk?

1 KORINTIËRS 12

HANDELINGE 1:8

HANDELINGE 2:47

EFESIËRS 4



1 KORINTIËRS 6:19

MATTHEUS 28:19

GALASIËRS 3:26-29

MARKUS 16:15

Die OPS-ROOM van GOD se nuwe wêreld

# PRAAT DAAROOR

Begin deur gou saam te kyk na hoe die ops room van Delta Airlines (hulle is van Amerika) lyk en funksioneer! A Look Into Delta's Operations Control Center:

**https://www.youtube.com/ watch?v=VhzCbnfJWBI**

Mense het nog altyd baie te sê gehad oor die kerk (vir goed of sleg). Máár om te kan praat oor die kerk, om deel te kan wees van die kerk, moet ons tog weet wat die kerk is (obviously). Ons het dikwels die idee van die "kerk" as 'n plek waarheen ons Sondae gaan vir 'n diens, of ons sê "ek is die kerk", of ons praat van Christene oor die algemeen as "die kerk". Te midde van al hierdie verskillende idees van kerk, wat sê ons dan vir mekaar oor die kerk? Wat is kerk dan nou eintlik?




## "Ek is die kerk" (individueel)

Elke gelowige is die kerk. Om deel te wees van die kerk is om deel te wees van God se nuwe wêreld (koninkryk, onthou?). Die oomblik as jy Jesus se offer aan die kruis aanvaar, en Hom as Verlosser aanneem (die Jesus-lewe kies), dan is jy deel van die kerk. Dan word jy die kerk. Hoekom sê ons so?

Ons lees verskeie kere in die Nuwe Testament dat daar bevestig word dat as Jesus se Gees in jou leef, jy deel van die liggaam van Christus is (1 Korintiërs 12, Efesiërs 4). Jesus is die hoof van die liggaam en ons is deel daarvan; ons het ook 'n plekkie in die ops room van God se nuwe wêreld! Dus maak dit sin as ons sê dat ons die kerk is. Dan volg dit dat jy, as die kerk, die beeld van Jesus moet wees vir die wêreld daar buite.

Paulus skryf juis vir die Korinte dat ons liggaam 'n tempel ('n kerk) van die Heilige Gees word wanneer ons Jesus as Here en Verlosser aanneem. Ons word dus God s'n (1 Korintiërs 6:19). Dit beteken dat jy moontlik die enigste blootstelling is wat mense in hierdie stukkende wêreld ooit aan Jesus het. Jy is vir hulle die enigste kerk wat hulle miskien al beleef het of ooit gaan beleef. Scary, maar waar!

- **Hoe dink julle is dit nodig vir ons as individue om kerk te wees buite die gebou?**
- **As mense na jou lewe kyk, wat gaan hulle persepsie (idee) van Jesus wees? Bespreek dit 'n bietjie.**

#HARDOP

## Die kerk as plek (plaaslik)




Francis Chan sê: ***"While every individual needs to obey Jesus's call to follow, we cannot follow Jesus as individuals."***

Ons is nie gemaak om hierdie pad alleen te stap nie. Daar is klomp opdragte in die Bybel om vir mekaar te bid, lief te wees vir mekaar, mekaar te bemoedig ens. Hoe kan ons omgee vir mekaar (medegelowiges) as daar niemand om ons is nie?

Ons (as individue) kan uiteindelik nie kerk wees in die stukkende wêreld as ons die kerk wat Jesus geplant het, waarvoor Hy gesterf het, en sy opdragte gegee het, ignoreer of los nie. Dit is wat die plaaslike kerk is. Dit is die plek waar ons, as Jesus-volgelinge, bymekaar kom om toegerus te word vir ons diens in die wêreld en vir die opbou van die liggaam van Jesus Christus (Efesiërs 4:12). Dit is waar ons saam luister na 'n boodskap vanuit God se Woord, bemoedig word, waar ons nuwe gelowiges doop wat deur God bygevoeg is (Handelinge 2:47), waar ons nagmaal hou, waar ons as geloofsfamilie connect (en baie saam koffie drink), en uiteindelik vanwaar ons dan uitgaan om kerk te wees vir die wêreld (en saam met nóg ander mense koffie drink).



Die kerk is egter nie 'n sosiale klub nie. Dit gaan nie oor jou eie entertainment nie. As ons Jesus se boodskap ernstig opneem, dat ons ons in die vallei van die dood bevind en redding nodig het, dan moet ons die kerk ernstig opneem en deel van God se versoeningsplan wees. Dit is die voertuig aan wie Jesus sy boodskap, sy opdrag, toevertrou het, en dit geskied deur die kerk. Daarom kan jy die kerk as die Ops Room van God se nuwe wêreld sien! Daar is werk om te doen, en ons almal is deel van hierdie missie wat God vir ons gegee het.




- **Weet jy wat jou plaaslike kerk doen in die gemeenskap om kerk te wees vir die wêreld?**
- **Na aanleiding van die bg. wat dink julle? Is dit okay om net op KykNet/TBN ens 'n preek te luister op Sondae, sonder om by 'n gemeente ingeskakel te wees, of moet 'n mens iewers inskakel?**

## Die globale kerk

Paulus skryf vir die gelowiges in Galasië (3:26-29) dat ons almal wat aan Christus behoort, één is! Ons verskille skei ons nie van mekaar nie, want Jesus bind ons saam! Jesus ag almal wat in Hom glo as deel van Sy liggaam, ongeag geslag, ras of nasionaliteit. Al ons plaaslike gemeentes regoor die wêreld vorm saam die "een, heilige, algemene Christelike kerk". So ons, hier waar ons is, is deel van 'n wêreldwye netwerk, wat verbind is deur die kruis en opstanding van Jesus Christus. Dit is dan ook in hierdie kapasiteit wat ons Jesus se kern opdrag uitvoer: Om die boodskap van sy redding te verkondig tot die uithoeke van die aarde, en die nuwe wêreld voor te hou vir die stukkende wêreld waarin ons leef sodat God se koninkryk kan kom (Handelinge 1:8, Matteus 28:19, Markus 16:15).

Daarom is dit 'n beautiful ding wanneer verskillende gelowiges van verskillende kerke saam 'n impak in die gemeenskap maak! Hoe meer volgelinge van Jesus van verskillende kerke en agtergronde vir die wêreld wys dat ons saam kan werk, hoe beter is dit vir die nuwe wêreld wat God hier onder ons wil kom vestig!

## get real

As die plaaslike kerk God se plan is om hoop vir hierdie wêreld te bring en ons as volgelinge van Jesus toe te rus, hoe beïnvloed dit die dinge wat vir jou die hoogste prioriteit is in jou lewe? Maak dit nou 'n verskil oor hoe jy jou tyd beplan en die dinge wat jy dikwels inpas in jou skedule bo kerk (kuiers, skool, sport, sosiale media, vermaak)?

# 8 MY PLEK

## In die ops-room

EFESIËRS 4:7-16

MARKUS 3

1 PETRUS 3:15




ROMEINE 12:7-8

1 KORINTIËRS 12:8-10

Stukkie van Jesus in my.

# PRAAT DAAROOR



Jy mag dalk al teen hierdie tyd agtergekom het dat ons redelik radikaal die voorbeeld van Jesus volg. Jesus het ons kom voorstel aan die nuwe wêreld waarin God regeer. Jesus het vir ons die kerk gegee om juis soos die "kantoor" te wees waar ons beplan om nog mense in te nooi na die nuwe wêreld. Elkeen van ons het ook 'n plek in hierdie "kantoor". In die sessie gaan jy sien dat Jesus 'n stukkie van homself kom gee het vir elke persoon wat deel word van die nuwe wêreld, juis om die taak na die ou wêreld te vergemaklik.



## Wat het Jesus op aarde gedoen?

Hy het gepraat, gestap, bedien, genees, geëet (baie), moeg geword, gered en oral vir mense geleer wie God is. Jesus het gemove. Hy was by die see, by 'n tolhek, by 'n put, by 'n tafel, in 'n boot, in die tuin van Getsemane, by die hof, tussen vreemdelinge, vriende en selfs tussen vyande. Toe Jesus egter hemel toe gegaan het, het Hy gesê dat sy werk op aarde steeds moet voortgaan totdat die hele wêreld weet dat God hulle ontsaglik liefhet, en dat Hy hulle sondes wil vergewe.

Die plan was en is steeds duidelik. Die kerk sou hierdie taak kry. Jesus belowe dat hy God se Gees sou stuur om ons by te staan, sodat ons, soos Jesus, die evangelie na die wêreld toe neem. God het dus gekom en ons elkeen toegerus met 'n stukkie van Jesus, iets unieks wat ons moet gaan uitleef na die wêreld toe. Hierdie stukkie Jesus ontvang jy wanneer jy deel word van God se nuwe wêreld. Dit noem ons genadegawes.

## Wat is 'n genadegawe?



'n Genadegawe is 'n geskenk van God wat deur sy Gees in ons werk om God se seën vir iemand anders, deur jou, deur te gee. Dit is 'n openbaring van God se liefde deur jou lewe. Dit is NIE iets wat jy uit jouself het nie, maar wat God vir jou gegee het om sy nuwe wêreld uit te bou. My en jou liggaam is maar net 'n medium waardeur God Homself aan die wêreld kom openbaar. Hoe cool is dit nie dat Hy ons gebruik om dit te doen nie?

**Het ek so 'n genadegawe in my lucky packet gekry?**



#HARDOP

Sonder enige twyfel. God kom rig sy hele gemeente op om die werk van die Vader te kom doen. Ook vir jou. 'n Genadegawe beteken juis dat jy niks gedoen het om die gawe te verdien nie, maar dat God jou definitief toegerus het daarmee om die wêreld effektief te bedien.



## Wat is die verskillende genadegawes?



Daar is 'n paar verskillende plekke in die Bybel wat praat oor 'n wye verskeidenheid van genadegawes wat God vir sy kinders gee, soos geskenke op jou verjaardag (1 Korintiërs 12:8-10 en Romeine: 12:7-8). Daar is 'n hele lys gawes wat van toepassing is op elke moontlike situasie, en dit word deur die Gees gegee (maar meer daaroor later in die jaar).



#HARDOP

**As jy môre by jou plaaslike gemeente moet begin werk, watter rol glo jy sal jy die heel beste kan vertolk? (Moenie vaskyk in die huidige strukture nie, gebruik jou eie kreatiwiteit en jou eie belewenis van jou gawes om jou te begelei in jou opmerking.)**

## Die five-fold ministry

- **Lees Efesiërs 4:7-16 saam.**
- **Wat is die vyf hoofrolle wat nodig is in die kerk?**

Voordat ons dieper gesels oor elkeen van hierdie rolle, is dit belangrik om te weet dat elkeen van ons tot 'n sekere mate AL vyf rolle vervul. Mens het bloot 'n natuurlike neiging na een of twee van die rolle toe, wat jou sterkpunte is, maar almal moet iewers in hul lewens al vyf hierdie rolle vervul. So dit is belangrik om te weet dat jy iewers ook die rolle waarin jy nie so sterk en of gemaklik mee is nie, asb. iewers ook moet leer vervul!



### APOSTELSKAP

Om 'n leier tussen leiers te wees en baanbrekerswerk te doen. Apostels vind dit maklik om nuwe gemeentes of ander inisiatiewe te vestig. Dit is die mense wat voorloop en nie bang is om te gaan en nuwe goed te begin of verandering in te bring nie. Hulle is die argitekte en fondasie-bouers van nuwe projekte in die nuwe wêreld. Jesus se oorspronklike dissipels is ook die 12 apostels genoem (Mark 3).

**Bybelse voorbeelde:** Jesus, Abraham, Paulus en Petrus.

**Wat sou jy nou as Apostel kan doen?**

- Ek sou maklik 'n gebedsgroep by die skool kon begin
- Ek sou 'n nuwe uitreik fasiliteer na 'n plek waar my kerk nog nie was nie
- Ek sou 'n nie-regerings organisasie kon begin wat mense help




### PROFETE

Iemand wat 'n bediening van profesie het, en mense geestelik opbou met God se Woord. Nie 'n toekomsvoorspeller nie, maar eerder iemand wat gelowiges help om na God se wil te luister. Hulle is ook ons bemoedigers en aansprekers wat deur liefde mense help as dit nodig is om hulle aan te spreek. Ons kompasse en rigtingwysers.

**Bybelse voorbeelde:** Jesus, Johannes die Doper, Samuel, Jesaja, Jeremia, Esegiël & die 12 klein profete.

**Wat sou jy nou as Profeet kan doen?**

- Ek sou sosiale media kon gebruik om mense te bemoedig.
- Ek sou goed ingelig wees van ongeregtighede in my gemeenskap.
- Ek sou die waarheid wou praat met deernis (omgee) wanneer ek hoor 'n gesprek is gekant teen die waardes van die woord van God

**VIR DIE TOP 10:**

Het jy al ooit van Daniël, Hosea, Joël, Amos, Obadja, Jona, Miga, Nahum, Habakuk, Sefanja, Haggai, Sagaria of Maleagi gehoor? Dit is die klein profete en is die laaste 12 boeke in die Ou Testament.



## EVANGELISTE

Dit is die individue met die gawe om mense na Christus te lei. Ons eerste linie van verspreiding van die Goeie Nuus – sendelinge, verkondigers, jy. Elkeen van ons moet dit kan doen (1 Pet 3:15), maar hierdie mense het 'n ongekende passie vir die ongeredde mense in die ou Wêreld.

**Bybelse voorbeelde:** Jesus, Filippus, Timoteus, Barnabas, Petrus, Paulus.

**Wat sou jy nou as Evangelis kan doen?**

- Ek sou baie meer tyd in bv. Laudium spandeer het.
- Ek sou gebid het vir die 10/40 venster.
- Ek sal altyd vir 'n geleentheid soek om 'n geselsie met 'n vreemdeling op die Gautrain, bus of vliegtuig aan te knoop.

**VIR DIE TOP 10:**

Wat is die 10/40 venster? Lande waar meer as 2/3 van die wêreldbevolking bly, met sowat 3 miljard mense wat onbereik is (nie al van Jesus gehoor het nie).



## HERDERS

Om 'n pastorale (omgee) hart en vermoë te hê om mense wat swaar en seer het te help, en op 'n pad te begelei na herstel toe. Dit is ons careers. Die wat kyk dat die gelowiges binne ons gemeenskap versorg word.

**Bybelse voorbeelde:** Jesus, Moses, Rut.

**Wat sou jy nou as Herder kan doen?**

- Ek sou regtig belanggestel het in mense se lewens.
- Ek sou so vinnig moontlik 'n beradingskursus oorweeg.
- Ek sou mense intrek sodat hulle Jesus se liefde kan beleef.



## LERAAR

'n Bekwaamheid om mense so te leer dat hulle verstaan, verander en gemobiliseer word. Dit is ons passievolle Woord-ontleders. Mense met 'n liefde vir die Woord en 'n liefde om mense te leer.

**Bybelse voorbeelde:** Jesus, Paulus, Jakobus.

**Wat sou jy nou as Leraar kan doen?**

- Ek sou 'n kleingroepleier word al is ek nog op skool.
- Ek sal meer as net Bybel lees en alle geleenthede aangryp wat my meer kan leer.
- Ek sou op kreatiewe maniere die kennis wat ek het wou oorlewer aan 'n volgende generasie, hetsy dit deur sosiale media, vriendskappe of mentorskap laat gebeur.

**Doen die gawes toets. (Hierdie toets se resultate mag verander soos wat jou omstandighede verander). Jy mag dalk nie die gawe van genesing hê nie, maar ons is seker dat as jy die enigste persoon is wat iemand kan genees in 'n wildvreemde land God jou daardie gawe kan gee. Jy moet altyd gereed wees.**



#HARDOP

CLICK HIER
**https://fivefoldministry.com/static/learn-about-the-five-fold-ministry**

## get real

Jy is 'n goeie fietsryer. Baie geluk...
Is dit 'n genadegawe of 'n talent en hoe kan jy dit gebruik in die kerk om 'n verskil te maak?

Fietsry sou heel moontlik eerder 'n talent wees. Die mense met wie jy in kontak kom terwyl jy fiets ry is egter mense waarby die kerk nie kan uitkom noodwendig nie. Nou moet jy jou genadegawes gebruik en vertrou dat die Heilige Gees jou talent van fietsry wil gebruik om by ander fietsryers se harte uit te kom met die gawes wat God jou gegee het deur sy Gees.

# 9 VERHOUDING met God

JESAJA 30:15

PSALM 119:105

LUKAS 9

JAKOBUS 4:8



Stukkie van Jesus in my.

# PRAAT DAAROOR

Jy het seker al die gesegde gehoor: life is relationships. Verhoudings is beslis die belangrikste deel van ons lewens. Belangriker as watter werk jy doen, hoe baie geld jy eendag gaan verdien, in watter huis jy bly of watter kar jy ry. Alhoewel hierdie dinge ook saak maak, beteken dit absoluutniks sonder verhoudings nie. Jy sal hoor dat ons baie in die kerk praat oor verhoudings, en ook spesifiek jou verhouding met God, maar wat presies behels hierdie verhoudings van ons?

- **Dink jy dat mense vandag genoeg tyd en aandag aan verhoudings spandeer?**
- **Hoe bou jy 'n goeie vriendskap/verhouding? Waarop fokus jy?**

#HARDOP

Net soos wat 'n vriendskap of verhouding tyd en moeite vat, so is dit ook met jou verhouding met God! Dieselfde dinge geld! Verbeel jou hierdie: Jy en jou meisie/kêrel gesels elke dag net vir 10 tot 15 minute en dit is dit. Die res van die dag loop julle nie eers by mekaar verby nie, julle WhatsApp nie, Snapchat nie, Facebook nie, Instagram nie. Julle stuur geen rooi hartjies nie, geen kruisie-soentjies nie, niks nie, tot môreoggend. Geen moeite nie, geen tyd nie, geen vertroue nie, geen vaste tyd wat julle mekaar sien nie (wat 'n dissipline is). Dit gaan mos nie werk nie? Dieselfde geld vir jou verhouding met God.

## Dissipelskap = 'n verhouding met dissipline

Enige verhouding bevat dissiplines! Jy kan en sal nooit 'n naby-verhouding of vriendskap met Jesusontwikkel deur slegs een keer per week kerk by te woon of selfs net een keer per dag stiltetyd te hou nie. Is dit okay vir jou ander verhoudings?

'n Vriendskap met God word gebou deur al jou lewenservaringe met Hom te deel. Dit is goed om daaglikse stiltetyd met God te hê, maar Hy wil meer hê as 'n vinnige 10 minute of 'n halfuur uit jou skedule. Die sleutel tot 'n vriendskap met God is nie om te verander wat jy reeds doen nie, maar om jou **gesindheid** waarmee jy dit doen te verander. Om ons te help daarmee het ons sekere dissiplines wat ons as gelowiges volg sodat ons deurlopend op God se teenwoordigheid gefokus kan wees en dit kan beleef. Dissiplines is nie wette nie, maar maak dit juis vir ons moontlik om verder in ons vryheid as kinders van die Here te groei. Het jy raakgesien dat die woord dissipel en dissipline dieselfde stam het? Jip, ek kan myself nie 'n dissipel noem as ek nie met dissipline saam met Jesus stap nie. Dit is waar my verhouding met Jesus groei!

#HARDOP

- **Wat doen jy tans om jou verhouding met God te versterk?**
- **Dink aan 'n praktiese manier hoe jou gesindheid jou kan help om dit wat jy nou doen, beter te doen?**

## Kom ons kyk in 'n neutedop na 'n paar dissiplines wat jy kan toepas in jou lewe!

### DIE DISSIPLINE VAN STIL WORD

Een van die grootste uitdagings vir jong gelowiges, is om stadiger te beweeg en om gedissiplineerd tyd te maak vir stil word; sonder enige afleidings! Om stil te word, is om na God se Woord te luister, daaroor te dink en eers dan te reageer. As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle **krag lê in stil wees** en vertroue hê (Jesaja 30:15).

### DIE DISSIPLINE VAN GEBED

Gebed is nie rympies opsê of 'n inkopielys voorhou nie. Dit is 'n aktiewe tweegesprek en sluit dus oomblikke van luister in. Luther het op 'n dag opgemerk: "Ek is net te besig om nie te bid nie." 'n Aktiewe gebedslewe is 'n lewe waar ek my lewe met die Here deel.

### DIE DISSIPLINE VAN VAS

Vas is iets waarmee baie gelowiges (veral jongmense) sukkel, want hulle verstaan dit nie. Wanneer ek vas, sê ek vir die Here: "Hierdie ding wat ek myself van weerhou (kos, sosiale media of iets wat vir jou belangrik is), help my om myself te herinner dat U vir my meer belangrik is." Om te vas, help ons om spesiaal op die Here te fokus en wat Hy vir ons wil sê.

**VIR DIE TOP 10:**
Vas behels die opgee van iets belangrik (kos, alkohol, social media), om vir 'n tydperk ten volle te kan fokus op God. Lydenstyd is 'n goeie voorbeeld hiervan.

### DIE DISSIPLINE VAN BYBELSTUDIE

Dit is eenvoudig net onmoontlik om 'n boesemvriend te word van iemand van wie jy niks weet nie. Jy kan nie God liefkry sonder om Hom te ken nie, en jy kan Hom nie leer ken sonder sy Woord, waarin jy Hom leer ken nie. Dit is juis in die Woord van God waar ons die Here self - en die wil van God - ontdek, leer ken en leer liefhê. Ons lees in Psalm 119:105, **U Woord is die lamp wat my die weg wys. Die lig op my pad.**

### DIE DISSIPLINE VAN AFSONDERING

Afsondering beteken om intensioneel alleen te wees. Jesus se lewensritme het juis tyd gemaak vir afsondering. Jesus het Homself dikwels afgesonder sodat Hy sy Vader se wil kon hoor. Afsondering mag nooit ten koste van 'n lewe in gemeenskap met ander gebeur nie. Hierdie alleen-tyd gaan ons help om op 'n beter manier diensbaar te wees vir ander.

### DIE DISSIPLINE VAN ONDERDANIGHEID

Die dissipline van onderdanigheid stel ons in staat om te luister na ander; om nie deurgaans jou eie sin te wil kry nie, maar iemand anders 'n kans te gee; om iemand anders iets te gun wat jy ook vir jouself sou wou hê; om agter in die ry te staan, uit keuse, en uit vryheid. As jy dit nie eens met ander mense kan regkry nie, hoe gaan jy soos 'n toegeeteken eenkant toe staan sodat God eerste kan verby kom?

### DIE DISSIPLINE VAN DIENS

Die dissipels het in Lukas 9 verskil oor wie die belangrikste onder hulle is. Dis hier waar Jesus gebuk het om sy dissipels se voete te was. Die Grootste onder hulle, het die Kleinste geword.

Ware vriendskap is nie passief nie, maar gaan oor in dade. Wanneer Jesus ons vra om ander lief te hê, die armes te help, ons hulpbronne te deel, ons lewens rein te hou, te vergewe en ander na Hom te bring, tree ons onmiddellik op uit ons liefde vir Hom.

### DIE DISSIPLINE VAN BELYDENIS

Belydenis en vergifnis is twee baie belangrike katalisators vir lewensverandering. Die dissipline van belydenis gebeur vanuit die liefde en genade van ons Here. Deur dié dissipline word ons daagliks herinner om na die Here te draai en ons eie gebrokenheid/verlorenheid te erken en ons sondes te bely. Luther se antwoord op die vraag: "Wanneer het jy tot bekering gekom," was in kort: "Vanoggend weer".

## AS EK JY WAS:

'n Nuwe dissipline in jou geloofslewe inkorpeer.

- **Watter van hierdie dissiplines het jou aandag die meeste getrek? Hoekom dink jy so?**
- **Is daar 'n dissipline wat jy voel jy graag deel van jou lewe wil maak? Hoe gaan jy dit doen?**

#HARDOP

## 'n Laaste woord

'Die Almagtige wil jou Vader en jou Vriend wees wat met jou in verhouding staan. Jakobus skryf: Nader tot God en Hy sal tot julle nader (Jakobus 4:8). Hoe nader jy tot God?


- Deur gedurige gesprek – alles wat jy doen kan "tyd met God wees". Bly gedurig van sy teenwoordigheid bewus en deel alles met Hom.
- Oordink sy woorde in die Woord – hiervoor is dit nodig dat jy sy Woord ken. So sal jy kort voor lank die wonderlike rykdom van God se geheimenisse ontdek.
- Wees volkome eerlik met God – indien jy 'n dieper verhouding met God wil hê moet jy leer om al jou gevoelens met God te deel. Jy moet leer om Hom te vertrou as Hy jou iets vra of jou stuur om iets te doen. Opregtheid, nie perfeksie nie.
- Wees gehoorsaam – gehoorsaamheid is een van die grootste dinge wat 'n gelowige vir sy/haar hemelse Vader kan gee. Ongehoorsaamheid versteur jou verhouding met God. Dit is wat vriende tog doen - hulle gee om vir dit wat belangrik is vir die ander een. Hoe nader jy aan God beweeg, hoe meer sal jy omgee vir die dinge wat vir Hom belangrik is, treur oor die dinge waaroor Hy treur en jou verheug in die dinge wat Hom gelukkig maak.

Jy is so naby aan God as wat jy wil wees. Intieme vriendskap en kindskap met God is 'n keuse. Soek dit doelbewus, maak dit jou begeerte om Hom meer as enige iets anders te leer ken. Ons doel is nie 'n gevoel (tydelik) nie, maar 'n deurlopende bewustheid van die realiteit dat God altyd teenwoordig is. ***You have the opportunity of a lifetime to be in an intimate relationship with God. Make sure you seize the opportunity in your lifetime.*** Dit is die belangrikste vriendskap van jou hele lewe. Dit is die een vriendskap wat as dit in plek is en intiem is, al jou ander verhoudings vernuwe, verander en verheerlik. Moenie die belangrikste ding in jou lewe misloop nie. Dit is die grootste doel waarvoor God jou geskep het.



#HARDOP

- **Hoe dink jy lyk 'n intieme verhouding met God? Watter praktiese ding wil jy graag doen om jou verhouding met God te versterk?**
- **Wat kan ons daagliks doen om ons te herinner om aan God te dink en elke dag saam met Hom te leef en met Hom te praat? Dalk kan ons as groep dit saam begin doen?**



# 10 GEBED

FILIPPENSE 4:6

EFESIËRS 6

MATTEUS 7:7



OPENBARING 8:1


LUKAS 11:1


OPENBARING 5:8

MATTEUS 9:36-38

God wil hê jy moet met Hom praat!

# PRAAT DAAROOR






- Bid jy? Eerlik, bid jy gereeld?
- Wat is gebed?
- Hoe belangrik is gebed?
- Gee almal in die groep die kans om op 'n skaal van 1 tot 10 die belangrikheid van gebed uit te wys.

Moet dit glad nie vreemd vind as baie mense in jou groep nie 'n hoë prioriteit aan gebed gee nie. Dis amper asof die mens weet dat ons gemaak is om met God te praat. Die belangriker vraag sou eerder wees om te probeer uitvind hoekom dit so moeilik is om te bid. Vra en vir julle sal gegee word (Matteus 7:7). Hoekom sal ons nie dan juis die hele dag wil bid nie?


## Hoekom sukkel ons om te bid?

**1. Gebed het die rympie voor ete geword.**
Ons het nooit 'n woordeskat ontwikkel om God se naam te prys of aan te roep nie, want baie van ons weet net hoe om dankie te sê vir die bord kos voor my. Dit maak dat ons nie die krag van gebed kan beleef nie.

**2. Die vyand wil nie hê dat ons moet bid nie.**
Paulus vertel vir ons die stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen bose geeste van 'n wêreld wat ons nie altyd baie goed verstaan nie (Efesiërs 6). Al wat ons weet is dat die vyand ons wil weerhou om met die Vader te praat. Tieners kan baie praat tot iemand vir hulle vra om te bid. Dan word hulle skaam. Wat weet die vyand oor gebed wat jy dalk nog nie weet nie?

**3. Want ons kan nie sien dat ons gebede beantwoord word nie.**
Ons kan maklik mismoedig raak want dit voel asof jy in die "dak vas bid". Somtyds voel ek ook nie eers beter as ek gebid het nie. Hoekom sal ek dan môre weer bid?

**4. Jy voel skuldig as jy bid want jy voel jy vra net vir God goed as jy in die moeilikeid is.**
Jy voel dus nie waardig om na Hom toe te bid nie. 'n Teken van gebed wat nie opreg is nie is wanneer ons aanhoudend net vir God goed selfsugtig vra.











#HARDOP

- **Hoekom bid jy? Of hoekom nie?**
- **Hoekom moet ons gereeld bid?**
- **Hoe belangrik is gebed?**
- **Is daar 'n spesifieke manier van gebed? Verduidelik hoe jy bid.**

## Om met God te praat is so oud soos die berge.



Deur die loop van die Ou- en die Nuwe Testament speel gebed 'n aanhoudende rol. Van die begin van die tye af het God 'n behoefte gehad dat sy kinders met Hom moet praat. Inteendeel, Openbaring vertel ons dat die gebede van God se kinders soos wierook voor God se aangesig is dag en nag en dat Hy dit wil beantwoord. (Openbaring 5:8 en Openbaring 8:1). Nie net hoor God ons gebede nie, maar dit is vir Hom aanneemlik as ons bid. Verder in die OT sien ons dat ons geestelike helde almal mense van gebed was. Moses, Abraham en Daniël was bekend vir hulle gebedslewe om net 'n paar te noem. Daar word aanhoudend na die Tempel in die Ou- en die Nuwe testament verwys as 'n huis vir gebed vir die nasies.

Teen die tyd wat Jesus sy bediening op aarde begin sien ons dat Hy gereeld in gebed met die Vader spandeer. Op twee verskillende geleenthede leer Hy die dissipels bid.

#HARDOP

- **Lees Lukas 11:1. Die Onse Vader.**
- **Lees Matteus 9:36-38. Die oes is groot en die arbeiders is min.**
- **Lees albei hierdie gebede hardop. Hier is 'n perfekte plek om te begin om meer en makliker met God te praat.**

## Hoe kan ek beter raak met gebed?

Deur minder om te gee oor wat jy bid, dan raak gebed al hoe makliker. As jy besef dat gebed gaan eintlik oor God en Sy glorie en nie net oor jou behoeftes nie verander die hele prentjie. Hoe meer tyd ons in gebed spandeer hoe groter word ons woordeskat en hoe groter word ons woordeskat om God te aanbid. Omdat baie van ons net 'n kort rympie ken sukkel ons om te bid. Daar is egter wonderlike goed wat gebeur as ons net rustig raak in die teenwoordigheid.

## Gebed is soos om 'n tuin nat te lei.



Gebed is om in "danksegging en smeking al ons behoeftes aan die Here bekend te maak." Fillippense 4:6. Dit beteken dat ons enige tyd van die dag of die nag gebedsversoeke of bloot net geselsies met God kan maak. Soos 'n tuin verskillende plante het, is gebed die vermoë wat ons het om alles net onder God se aandag te bring. Ons hoef nie wyse woorde te hê nie. Ons kan maar net vir God ken in alles wat ons doen en wonder oor (Spreuke 3:6). As God van iets weet is dit nie nodig vir jou om angstig verder daaroor te wees nie. Daarom is gebed iets wat die hele dag kan gebeur. Ander kere vra dit van ons om doelbewus deur die tuin te gaan loop met 'n agenda om alles in ons lewens en die om ons se lewens op te dra aan God.

- **Het jy al ooit vir iets gebid? Wat het gebeur?**
- **Glo jy dat gebed regtig krag het om omstandighede te verander? Hoekom of hoekom nie?**



**#HARDOP**

## Het jy al ooit vir 'n uur aanhoudend gebid?




Wanneer ons op God fokus en nie op onsself nie gebeur daar aardskuddende goed in ons harte. Een van die grootse goed wat met ons gebeur wanneer ons bid is dat ons weer perspektief kry. Wanneer ons bid of net stil is in die teenwoordigheid van die Here ontdek ons opnuut wat die belangrike goed in die lewe is en hoekom. Hoe langer ons in die teenwoordigheid van die Here is hoe meer wil ons Hom aanbid, hoe meer staan ons in verwondering van wie Hy is en hoe meer vertrou ons Hom. Daar is definitief 'n voordeel om ook vir langer tye te bid. Dit is nie maklik nie. In 'n gejaagde wêreld moet alles vinnig gebeur terwyl gebed juis van ons vra om die wegholperd se teuels in te trek, diep asem te haal en raak te sien dat God in beheer is.

## AS EK JY WAS:

**Belsuit saam as groep wanneer julle saam kan bid vir 'n uur lank. Vra ook jou leier of daar geleenthede by die kerk is om saam te bid vir 'n uur.**

# 11 DOOP

MATTEUS 28:19

1 KORINTIËRS 12:13

HANDELINGE 3:38




HANDELINGE 22:16

TITUS 3:5

LUKAS 11:1

GALASIËRS 3:27

ROMEINE 6:3-5

# PRAAT DAAROOR

Daar is min dinge wat vir 'n volgeling van Jesus so waardevol kan wees as haar/sy doop. Ons doop is vir ons soos 'n anker; dit wys ons wie ons is, aan wie ons behoort en waarheen ons op pad is!

- **Wanneer laas het iemand vir jou iets gevra oor jou doop?**
- **Kan jy onthou dat jou ouers onlangs jou herinner het aan jou doop (indien jy as baba gedoop is)?**

#HARDOP

## Die betekenis van die doop



Verskeie mense koppel verskillende betekenisse aan die doop. Dit is 'n belangrike gebeurtenis in elke gelowige se lewe wat ernstig opgeneem moet word. So waaroor gaan dit? Wanneer 'n mens **gedoop** word, kondig God sy **gesag** oor jou lewe aan en maak Hy jou deel van sy reddende **genade**.

Hoe werk dit? Ons word gebore as verlore sondaars (onthou die vallei van die dood – ons is gebroke mense!). As ons gedoop word, claim God ons lewe en word dit moontlik vir ons om God se genade, wat deur Jesus aan die kruis verdien is, te ontvang. Hý doen dit, nie ons nie. Dit beteken:

- **Hy** kondig sy gesag oor ons aan: ons is God se eiendom! (Matteus 28:19). Dit is wat dit beteken wanneer sy Naam in die doop oor ons uitgespreek word. Ons word immers gedoop "in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees".
- **Hy** gee ons vergifnis en reiniging van ons sonde (Handelinge 2:38; 22:16).
- **Hy** gee ons die Heilige Gees (Handelinge 2:38; Tit 3:5).
- **Hy** verenig ons met Christus en gee ons deel aan sy lewe – dít is ons nuwe lewe (Galasiërs 3:27; Romeine 6:3-5).
- **Hy** neem ons op in die genadeverbond (Galasiërs 3:29).
- **Hy** neem ons op in die gemeenskap van gelowiges (1 Korintiërs 12:13).

**Let wel:** *Elke sin begin met "Hy." Dit is waaroor die doop gaan. Dit beteken alles rondom die doop kom van God se kant af. Ons pitch net. Ons kan net ontvang wat God vir ons verniet gee. Elk van die ses betekenisse wys na wat Hy gee. In hierdie sakramente gaan dit dus nie in die eerste plek oor ons wat iets doen wanneer ons gedoop word of nagmaal gebruik nie, maar oor God wat iets doen, oor God wat gee - sy genade gee. Dit is dus die gebeurtenis waar God sy hele "genadepakket" vir ons gee. Dit los ons om te reageer – vat ons die genade of nie?*

- **Is jy al gedoop?**
- **Watter 1 of 2 van die bullets hierbo het vir jou die meeste waarde? Hoekom dink jy so?**

#HARDOP

Die verbond is een van die belangrikste dinge wat ons moet onthou wanneer ons oor die doop gesels! Deur die doop word ons ingesluit by die verbond wat God met Abraham gemaak het. Hierdie verbond (ooreenkoms) het twee kante: God gee, en ons aanvaar. As ek nie aanvaar wat Hy gee nie, ontvang ek dit nie. Dan help dit nie dat ek gedoop is nie. Dit beteken dat mense nie gered is omdat hulle gedoop is nie. God het inderdaad sy genade vir hulle gegee, maar hulle moet dit aanneem. 'n Mens word gered wanneer jy hierdie genade in die geloof aanneem. En hierdie geloof is om jou lewe oor te gee, wat jou lewe heeltemal in 'n ander rigting en met ander waardes lei: Om aan Jesus se lewe, sy waardes, sy lewensdoel deel te neem. Dit is die verskil tussen om te glo óór Jesus (weet van) en te glo ín Jesus.

# AS EK JY WAS:

**sou ek met my ouers oor my doop gesels het.**

## Wie word gedoop?

Ons doop mense wat self glo, en babas wie se ouers die Here ken en dien. Daar is baie ander kerke wat dit ook doen, maar daar is ook baie kerke wat net mense doop wat alreeds glo. Hulle is oortuig die kinderdoop is onbybels. Maar ons glo daar was altyd vir hierdie twee groepe plek in God se verbond met Abraham. Kyk hoe skryf Paulus daaroor.

**GROEP 1: DIE WAT ALREEDS GLO**

Paulus skryf vir die Romeine dat, deur die verbond, Abraham ook die vader is van almal wat glo, al is hulle nie besny nie. Deurdat hulle glo kry hulle dan toegang tot die genade, waarna hulle die teken daarvan kry (Romeine 4:11). Dit is die heidene. Hulle glo eers, en daarna is hulle besny. Abraham was self 'n heiden wat tot geloof gekom het (Genesis 12) en toe besny is (Genesis 17:26).

**GROEP 2: DIE KINDERS VAN GELOWIGES**

Paulus skryf verder vir die Romeine dat Abraham ook die vader sou wees van die besnedenes wat later eers tot geloof kom (Romeine 4:12). Dit is die mense wat eers besny is, en dan glo. En dit is die Israeliete wat in die tyd van die Ou Testament as babas besny is, en daarna self moes glo.

Wanneer hy hier oor die besnydenis skryf, onderskei Paulus dus duidelik twee groepe wat deel geword het van die verbond met Abraham. En ons bou vandag in die doop voort hierop:

- Mense wat van buite af kom, in Jesus begin glo en dan as grootmense, as gelowiges, gedoop word. Dit is soos Abraham wat as heiden eers geglo en toe besny is.
- Babas wat in die geloofsgemeenskap gebore word, gedoop word en daarna self tot geloof kom. Dit is soos Isak wat as baba besny is en daarna self geglo het.

Wat het die besnydenis dan met die doop te maak? Ons glo die doop het die besnydenis vervang, en dat dit nou die teken van die verbond en van God se genade vir ons is. Die geestelike betekenis van die besnydenis is oorgedra aan die sakrament van die doop. Dit word gesien in die skrywe aan die gemeente in Kolosse waar hulle hoor dat deur hulle verbintenis aan God, hulle ook besny is, en nie fisies nie, maar met die besnydenis deur Christus, wat beteken dat hulle sondige natuur gesterf het. Deur die doop is hulle saam met Christus opgewek in 'n nuwe lewe (Kolossense 2:11-13).







## Pas die kinderdoop in die Nuwe Testament?

Kerke wat die kinderdoop verwerp, doen dit op grond daarvan dat die kinderdoop nie pertinent in die Bybel genoem word nie. Daarom meen hulle dat die kinderdoop onbybels is. Dit is volkome waar dat die kinderdoop nooit direk in die Bybel voorkom nie, maar daar is genoeg afleidings wat ons kan maak dat ons kinders gedoop kan word. Soos wat ons aflei dat ons eredienste op Sondae kan hou (al word daar nooit spesifiek gesê "Julle moet eredienste hou op 'n Sondag" in die Bybel nie), en dat vroue ook nagmaal mag gebruik (alle gelowiges mag nagmaal gebruik, al is daar nie 'n spesifieke voorbeeld van 'n vrou wat nagmaal gebruik in die Bybel nie).

- **Gesels met mekaar: hoe dink jy kan die beloftes van jou doop jou help deur moeilike tye? Soos: iemand kraak jou af by die huis, skool of sosiale media; jy beleef baie druk en jy weet eerlikwaar nie hoe jy daardeur gaan kom nie.**

#HARDOP

## Onderdompeling en besprinkeling





Al is min lidmate daarvan bewus, maak ons kerk se doopformulier voorsiening vir beide onderdompeling en besprinkeling as metodes van doop, al gebruik ons meestal besprinkeling. 'n Mens behoort nie daarvan 'n ernstige saak (issue) te maak nie, omdat daar nooit in die Nuwe Testament aan die **manier** van doop aandag gegee word nie. Die **betekenis** van die doop is die groot saak.

Om gedoop te wees, is noodsaaklik omdat ons deur die doop saam met Christus begrawe word en opstaan (Romeine 6). Onthou, dis net een van omtrent ses betekenisse van die doop. Daar is geen manier van doop wat al die betekenisse van die doop kan beskryf nie. Hoe kan enige manier dit wys dat ek saam met Christus gekruisig word, dat God vergifnis van sonde deur die doop gee, dat ek deur die doop in die verbond van Abraham opgeneem word, ens? Hoe ons gedoop word is nie 'n verduideliking van die verskeidenheid betekenisse van die doop nie.

- **Wat dink julle van weerdoop? Is dit nodig?**

#HARDOP

Die doop is een van die mees kosbare gebeurtenisse in 'n gelowige se lewe, of dit groot of klein gebeur. Hoekom? Want dit wys dat God die een is wat sy genade vir ons gee, en dat dit nie van ons afhang nie! Ons moet bloot God se hand van genade vat wat in die doop uitgestrek word na ons toe om gered te word. Dit is die belofte én die verbond van God, en dit is ook wat jy moet onthou wanneer jy oor jou eie doop nadink.

## get real

Noudat ons saam die krag en waarde van die doop bespreek het, gesels bietjie hieroor:

Dink jy jou verjaardag is belangriker as jou doopdag? Of dink jy dit is andersom? Is albei ewe belangrik?

# 12 GOD SE koningkryk

MATTEUS 6:33

JOHANNES 18:36

MATTEUS 6:9-13



MATTEUS 6:10

ROMEINE 5:8

LUKAS 15:11-32

LUKAS 6:12

EFESIËRS 2:8

MATTEUS 28:19

MATTEUS 5:44

LUKAS 6:35-36

# PRAAT DAAROOR

Die wêreld waarin ons leef is nogal besig om deur 'n paar slegte dinge te gaan. Dit is verstaanbaar, ons lewe tog in 'n stukkende wêreld wat redding en hoop nodig het. Of bloot net 'n alternatief tot hierdie wereld. Hierdie boublok het die doel om jou te oortuig dat Jesus juis so 'n nuwe wêreld kom verkoop het toe hy op aarde was wat heeltemal anders lyk as die wêreld waarin ons woon. Jesus kom maak dit duidelik dat die nuwe wêreld nie iets is wat vanself kom nie, maar iets waarvoor ons in hierdie wêreld moet gaan soek en dan help skep. Mattheus 6:33 sê immers: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid…". Om egter saam oor God se koninkryk te dink en te gesels, is allermins om 'n paar vinnige feite in 'n chappie papiertjie te lees vir interessantheid. Dit lyk as ons na die voorbeeld van Jesus kyk asof die koms van hierdie koninkryk die enigste hoop vir hierdie stukkende wêreld van ons is.

- **Koninkryk help ons dink aan konings. Kom ons dink gou aan 'n koning.**
- **Maak jou oë toe. Dink aan 'n koning. Enige koning (fiktief of werklik) en vertel vir die res jou prentjie van hoe die koning lyk.**

#HARDOP

Ons is nie noodwendig regtig bekend met dié idee binne ons Afrikaanse en Suid-Afrikaanse konteks nie. As jou kop op 'n blok gesit word en jy moet nou aan 'n koning dink, wie sou dit wees? Sou jy dalk dink aan Koning Mswati van Eswatini (Swaziland), of Koning Goodwill Zwelithini wat die Koning van die Zulu's is? Miskien Prins William of so iemand? As ons dan so min daarvan weet, help dit ons nie regtig om die koninkryk van God beter te verstaan nie. Net so min soos jy 'n faks of 'n kaartelefoon kan onthou of verstaan mag dit ook gebeur dat die Koningkryk van God, so belangrik soos wat dit is vir jou vreemd is. Kom ons maak 'n plan met 'n nuwe woord vir 'n nuwe generasie!

Nou dít maak meer sin! Dit is dalk 'n makliker manier om oor God se koninkryk te dink. Gaan toets dit gerus met enige teksgedeelte waar daar gepraat word oor God se koninkryk. Jy sal vinnig sien dat God se "nuwe wêreld" ook daar inpas en baie dieselfde betekenis het. God se koninkryk is inderdaad 'n splinternuwe wêreld waarin ek en jy dienaars van die koning is. Dit is 'n plek vir brawe mense wat 'n andersoortige lewe sal leef binne die ou, stukkende wêreld waarin ek en jy gebore is (Onthou die Valley of death waaruit Jesus ons kom red het).

**Toets gou hierdie nuwe begrip. Lees Matteus 6:9-13 en vervang "koninkryk" met "nuwe wêreld" en besluit saam as groep of dit sin maak.**

#HARDOP

## God se nuwe wêreld: Hoe word ek deel daarvan?

Feit: Elkeen van ons is êrens onder iemand se gesag. By jou huis is jou ouers die "baas". In die sportspan is iemand die kaptein, by die skool is iemand die hoof. Almal is verantwoordbaar (accountable) aan iemand. Selfs die president van 'n land is verantwoordbaar teenoor die parlement.

So as ons dit vir mekaar sê, hoe word ons dan deel van God se koninkryk, Sy nuwe wêreld?

**STAP 1**
Om deel te word van God se nuwe wêreld moet ons erken dat God die Koning of die Leier van die nuwe wêreld is.
Daar is 'n definitiewe ou wêreld wat stukkend is, en nie onder die heerskappy van God staan nie. Jy moet 'n baas kies en dit lyk nie of daar 'n opsie is om twee tegelyk te kies nie. (Matteus 6:24)

Jesus self onderskei tussen die ou wêreld en die nuwe wêreld. Jesus leer ons dat die nuwe wêreld se "hoofkantore" in die hemel is (Johannes 18:36). Daarom bid ons ook in die Onse Vader: "Soos in die Hemel, so ook op die aarde." (Matteus 6:10). Ons bid dat die aarde uiteindelik die nuwe wêreld kan weerspieël. Paulus herinner ook die gemeente in Rome om nie slawe van die ou, bose wêreld te wees nie, maar om eerder te behoort tot die nuwe wêreld. Paulus herinner ook dat jy jou gedagtes moet verander (Romeine 12:2).

**STAP 2**
Val in by die reëls wat God maak vir Sy nuwe wêreld.

Nou kan jy 'n sug van verligting gee. Jou lot is nou in die hande van die regeerder van die nuwe wêreld en dit is God. Jy hoef nie te bekommer oor iets nie, want jou lewe is nou in sy hande. Hy is lief vir jou en Hy sal sorg vir jou. Jy behoort dus tot sy koninkryk deur genade en deur geloof (Efesiërs 2:8). Máár God se nuwe wêreld het ook reëls. Mense van die nuwe wêreld gaan moet anders lyk as mense van die ou wêreld. Dus gaan ons lewens anders moet lyk.

Die reëls van die nuwe wêreld is vervat in die lewe van Jesus. Mense van die nuwe wêreld na-aap die lewe van Jesus. Jesus is die heel naaste wat ons aan God kan kom. In die Ou Testament kry ons te doen met sekere aspekte van God se karakter, maar deur sy Seun – Jesus - leer ons presies wie God is. En so leer ons wat dit behels om deel te wees van God se wêreld.

**STAP 3**
Volg Jesus obsessief, maak hom jou hero.

Volg Sy voorbeeld in alles. Die nuwe wêreld vra dat ek en jy die Jesus-lewe leef, en op díe manier vir die res van die wêreld wys hoe lyk God se nuwe wêreld.




- **Dink gou aan die lewe van Jesus. Wat kan ons deur sy doen en late leer van God se nuwe wêreld? Maak 'n lys van goed. (Hier is 'n paar voorbeelde)**
- **Jesus het gaan bid op die berg. Die nuwe wêreld vra dat ek en jy baie tyd saam met die Vader spandeer in gebed.**
- **Jesus sê jy moet jou vyande en sondaars liefhê. Die nuwe wêreld vra dat ons ons vyande anders hanteer as wat die ou wêreld hulle hanteer, en ook sondaars onvoorwaardelik moet liefhê.**
- **Jesus vertel baie stories. Die nuwe wêreld word oopgebreek wanneer ons stories van hoop vertel. Om die etenstafel, vir my vriende en op sosiale media.**
- **Jesus sê ons moet dissipels maak (Matteus 28:19). Die nuwe wêreld gaan oor verhoudings, oor saam leer, oor om te investeer in 'n nuwe generasie (soos wat jou leier met jou doen).**
- **Jesus vra ons om wel te leef in die ou wêreld. Die nuwe wêreld sê nie dat ons moet wegkruip van die ou wêreld nie, maar dat ons juis die nuwe wêreld hier moet wys aan die res.**
- **Jesus doen wonderwerke (daar is baie!). Die nuwe wêreld vra dat ek al hoe meer die Vader vertrou in alle aspekte van my lewe. Dit vra ook dat ek minder in myself vertrou.**
- **Jesus sê dat ons moet sterf in onsself en ons kruis opneem (onthou die tweede deel van die hashtag). Die nuwe wêreld is 'n plek waar ek totaal onder die leiding van Jesus, wat nou deur die Gees in my leef, leef.**
- **Ons kan letterlik enige aspek van Jesus se lewe gebruik, dit naboots en dan verseker wees dat ons die nuwe wêreld van God laat aanbreek.**

- **Kan julle voorbeelde van tekste vir bg. kry?**
- **Slaan die Bybel oop, lees enige teks uit die Nuwe**
- **Testament en kyk of julle 'n eienskap of beginsel van die nuwe wêreld daarin kan raaksien.**




**STAP 4**

Hierdie stap bring ons verstaan van die nuwe wêreld bymekaar. Alles wat ons wil wees en wat ons voor leef is opgevat in die geboorte, die lewe, die afsterwe en die opstanding van Jesus Christus. Dit is die nuwe wêreld. As jy weet wat Jesus sou doen in enige situasie is jy besig om die nuwe wêreld van God uit te leef.

- **Wat kan ek doen om Jesus beter te leer ken?**
- **Kies 'n praktiese manier hoe jy in die week wat kom nader aan Jesus kan leef.**




get real

Is jy deel van hierdie soekspan?
God se nuwe wêreld is weggesteek in die wêreld waarin ek en jy leef. Dit is 'n avontuur van 'n leeftyd waarin ek vir mense hoop gaan kan gee.
Want waar God regeer is daar hoop en vryheid vir almal.







# 13 HEMELVAART
## & Pinkster



FILIPPENSE 2:5-11

JOHANNES 14:2-3


JOHANNES 16:7

LUKAS 24:44-53

HANDELINGE 2:1-13

JOHANNES 12-14

# PRAAT DAAROOR



Hou jou skool nog n Hemelvaartdiens? Stuur julle jaarliks n ballon of twee in die lug, om julle herinner aan die groot dag waar Jesus opgevaar het hemel toe, om n plek vir my en jou voor te berei? Iy wil dit dalk nie nou hoor nie, maar lank gelede was Hemelvaart selfs n openbare vakansiedag in ons land. Geen Wiskunde of Wetenskap nie, maarn erediens by die kerk! Alhoewel die tye verander het en die lewe soos normaal aangaan op hierdie dag, bly dit steeds n baie belangrike dag vir gelowiges op ons kerkkalender. Hemelvaart is die begin van Pinkster - seker die heel belangrikste tyd in die kerk se geskiedenis. No jokes. Hier het die verhaal van Jesus deur die krag van die Heilige Gees so vinnig soos n veldbrand versprei en dit is te danke daaraan dat ons vandag nog die Evangelie kan hoor.

## Hemelvaart

Hoekom vier ons Hemelvaart? Omdat dit 'n besonderse dag in die geskiedenis van die Christendom is. Dit is 'n dag van hoop vir dié wat glo. 'n Doodgewone dag vir die ongelowiges. 'n Dag wat vra dat ons God op sy Woord moet neem dit vra dat ons ons vertroue (deel van ons geloof onthou) in God moet bevestig. Hoekom is dit belangrik? n Storie is net h storie as dit n begin en 'n einde het. Jesus se verhaal word n storie omdat ons nou weet hoe Hy gebore is en hoe Hy die aarde verlaat het. As Jesus net verdwyn het van die aardbol, af sou ons onseker gewees het oor wie Hy is, waar Hy is en wat ons nou regtig met sy boodskap moet doen. Ons glo in die lewende Christus, dié man wat die leë graf agtergelaat het! Met n wonderwerk het jesus sy verskyning op aarde gemaak (deur die maagdelike geboorte), en met 'n wonderwerk is Hy terug hemel toe. So word Jesus se verlossingswerk op aarde voltooi. Wanneer het dit gebeur? 40 dae na sy opstanding.



40 dae na Jesus se opstanding vaar Hy op na die hemel, om te heers aan God se regterhand. Dit isdie grand finale, en die hele reddingsplan word afgesluit. Hier word die storie van Jesus se aardse lewe en die versoening tussen God en die mens finaal bevestig. Hoekom sê ons so? Voor Jesus aarde toe gekom het, was Hy in die hemel by God die Vader. Hy verlaat sy hemelse tuiste ter wille van ons verlossing, en nou gaan Hy terug om aan die regterhand van die Vader te sit, waar Hy nou vir ons intree (Filippense 2:5-11 en Johannes 14:2-3). Ons lees in johannes dat Jesus so ver gaan om ons te verseker dat Hy ons gebede kan hoor daar waar Hy vanuit die Hemel regeer (Johannes 14:12-14). Net soos wat ons glo en vertrou dat die Hemelvaart werklik gebeur het, so kan ons glo dat God altyd getrou is. Die dissipels moes dit ook geglo het, want hulle het só sterk by hulle punt gestaan, dat hulle waarskynlik almal vir hulle geloof gesterf het. Dit sê nogal iets van hulle commitment. Die Hemelvaart hét gebeur, of mense dit nou wil glo of nie. En, indien ons dit glo, pleit Jesus op hierdie oomblik vir ons (vir jou) by die Vader.



#HARDOP

- **Kan ons as gelowiges onvoorwaardelik aanvaar dat Jesus se hemelvaart werklik gebeur het?**
- **Wat beteken Jesus se hemelvaart vir jou? Wat is die waarde daarvan in jou lewe?**

## Pinkster

Johannes skryf vir ons Jesus se woorde neer wat vir ons bevestig dat Jesus tot ons voordeel opgevaar het na die hemel: *Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur johannes 16:7).*

So waar los dit ons? Ons sê mos nou dat die verlossingswerk op aarde voltooi is. Jesus is terug na die Vader toe. Maar Jesus se Hemelvaart het 'n belangrike gevolg vir elkeen van ons vandag. Het jy al ooit gewonder hoekom Jesus nie net gekom het om te bly, net so, in sy aardse liggaam nie? Dalk omdat sy menslike gestalte beperk was tot die plek waar Hy op 'n gegewe tyd was? Jesus as Mens kon tog net op een plek wees, nie waar nie?

- **Dink jy jy is vervul met die Heilige Gees?**
- **Hoe sal jy weet?**

#HARDOP

In Handelinge 2:1-13 lees ons hierdie ongelooflike verhaal! Skielik het die dissipels vir die eerste keer die Heilige Gees ontvang, en dit is wat Pinkster is: ons vier die uitstorting van die Heilige Gees! Die Gees word gewoonlik as h duif of vlam uitgebeeld word. Die koms van die Gees het alles verander. Toe die Heilige Gees uitgestort is, is die hele wêreld met God se teenwoordigheid gevul. Jesus moes dus opvaar sodat die Gees kon kom! Nou kan elke gelowige die Gees ervaar en deur die Gees gelei word daagliks en dan ook deur die Gees gelei word na ander wat nog nie gered is nie.


Want dit is wat die Gees doen - waar die Gees kom, kom verandering! Daarom kan ons nie sê ons het geloof as ons nie die Gees toelaat om ons te verander nie. Die uitstorting van die Heilige Gees was die spark vir 'n vuurtjie wat h veldbrand geword het, en nou al meer as 2000 jaar lank bestaan die lewende geloofsgemeenskap van volgelinge van Jesus Christus!

- **Dink jy dit is belangrik om Pinkster te vier? Hoekom sê jy so?**
- **Hoe het jy al ervaar, dat die Gees in jou werk en jou verander?**

#HARDOP

## DIE HEMELVAART EN PINIKSTER BRING VIR ONS HOOP!

Hierdie eenvoudige skets verduidelik vir ons die groot prentjie van die Here se pad met ons elkeen; Jesus word mens en kom wys vir ons wie God is en wie ons kan wees, Hy vaar op hemel toe en stuur sy Gees, wat in ons elkeen werk sodat ons medewerkers van God se nuwe wêreld kan wees. Nou kan ons nog net uitsien na die dag wanneer elkeen van ons weer vir Jesus van aangesig tot aangesig gaan sien!




**get real**

As jy elke dag sou leef met die wete en geloof dat die Heilige Gees altyd by jou is, hoe sou dit waarmee jy elke dag besig is, verander?




# 14 Jou Skaduwee, die HEILIGE GEES

JOHANNES 16:13

ROMEINE 8:26

1 KORINTIËRS 2:10



EFESIËRS 4:30


ROMEINE 15:30

MATTEUS 12:31-32

HEBREËRS 10:29

GALASIËRS 4:6

# PRAAT DAAROOR





Baie van ons se idees rondom die Heilige Gees is verwronge. Verwronge beteken dat ons heel moontlik die kat aan die stert beet het, oor wie ons dink die Heilige Gees is. Om die kat aan die stert beet te hê beteken: in ons eie kultuur word daar baie gesê dat baie kerke nie meer die Heilige Gees het nie; terwyl die ander kerke so baie van die Heilige Gees het dat dit die res van ons uit-freak. By hierdie kerke val mense om, spreek in vreemde tale, lag asof hulle hoog is, of rol rond op die mat. Alhoewel dit waar is dat die Gees in ons lewens kan beweeg, is die Gees soveel meer as net bloot deel van God Drie-enig, en baie anders as net die bulderende stem, wat mense snaakse goed laat doen.



#HARDOP


- **Wat is jou persepsie van wie die Heilige Gees is?**
- **Kan jy 'n volgeling van Jesus wees, sonder om die Heilige Gees in jou lewe te hê?**

Vandag gaan ons die Heilige Gees beter leer verstaan. **Voor ons verder gaan, weet: Die Heilige Gees is 'n Persoon!** Dit verander die game redelik baie. Die Gees is dus nie net 'n krag of 'n mag met superpowers nie, maar 'n persoon. As ek en jy ook "persone" is, beteken dit dat die Heilige Gees baie soos ons is. Jesus kom sê die volgende oor die Heilige Gees as persoon: Wanneer hy kom, die Gees van waarheid, sal HY julle in die hele waarheid lei.

> When the spirit of the **TRUTH** comes,
> he will **GUIDE** you into all the **TRUTH.**
> **(John 16:13)**

Let op dat Jesus van "hy" praat en nie van "dit" nie. Jesus verwys dan self na 'n baie duidelike persoon. Kom ons doen bietjie Grieks om jou nog beter te help verstaan dat die Heilige Gees 'n persoon is: Jesus praat gereeld van die Heilige Gees. In Grieks is die woord vir "gees" onsydig. Onsydige woorde in Grieks is nie manlik of vroulik nie. Tog, as Jesus oor die Gees praat, verwys Hy altyd na "hom", en nie na "dit" nie. Vir Jesus is die Heilige Gees 'n persoon.

## Ontmoet dus vir Mnr Heilige Gees



### 1. DIE HEILIGE GEES, MY EKSTRA WISKUNDE KLASSE MENEER

Ons het al 'n paar keer vir mekaar gesê dat dit nie maklik is om God te verstaan nie. God is God en ons is mens. Dit is juis die werk van die Heilige Gees om vir ons God se volmaakte wil in aardse terme te help verstaan. Soos wat jy nodig het dat iemand vir jou moeilike wiskunde moet verduidelik, so wil die Heilige Gees God vir jou verduidelik. Ook die goed wat nie altyd sin maak nie.
***Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God. (1 Korintiërs 2:10)***

### 2. DIE GEES IS MY REDENAARS COACH



Ons woorde is somtyds min as ons met God wil praat. Somtyds gebeur iets slegs met iemand naby aan ons en ons weet nie wat om te bid vir daardie persoon nie. Die Heilige Gees bid vir ons, Hy het die woorde waar ek en jy dit nie het nie. Hy is bereid om ons sinne by God klaar te maak.
***Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie. (Romeine 8:26)***



## 3. DIE GEES WERK MET ONS EMOSIES

Baie van die werk van die Heilige Gees gebeur deur gevoelens en emosies. As die Heilige Gees 'n persoon is het Hy soveel te meer ook emosies. Die Heilige Gees se vernaamste eienskap is die liefde wat Hy aan ons betoon. Mense vervul met die Heilige Gees is mense vol liefde. Hoe meer jy jou hart en lewe oorgee aan die Heilige Gees, hoe meer kan jy verwag om meer emosioneel te word, meer te lag, meer te huil, meer te voel. Ek versoek julle dan dringend, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus en op grond van die liefde wat van die Heilige Gees kom: Stry saam met my deur vir my te bid. (Romeine 15:30)



## 4. DIE HEILIGE GEES SE HART KAN GEBREEK WORD

Die Gees van God word vergelyk met 'n duif. Duiwe is sagmoedige voëls wat nie skade kan maak nie en wat rustig en vreedsaam van aard is. Die Gees as persoon kan ook hartseer en teleurgesteld wees in jou.

***En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, smeek Paulus in Efesiërs 4:30.***



## 5. DIE HEILIGE GEES HOU VAN WHATSAPP

Die Heilige Gees praat met ons en deur ons. Daar is talle voorbeelde hiervan in die Bybel. Hy wil dus jou vriend wees, jy mag aan Hom kommunikeer wat in jou hart aangaan. Soos wat jy kan praat met 'n vriend of op jou foon, kan jy praat met God deur die Heilige Gees wat in jou woon.

***En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken: Vader! (Galasiërs 4:6)***



## 6. DIE HEILIGE GEES KAN GEBOELIE WORD

Die ding wat die Heilige Gees die heel seerste maak of beledig, is as Jesus se kruisdood ontken word. Dit maak Hom seer as ons kies om nie te glo in dit wat Jesus kom doen het nie.

***Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy kry wat die Seun van God verag het, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het en die Gees van genade beledig het? (Hebreërs 10:29)***




## 7. DIE HEILIGE GEES MOEDIG ONS AAN OM NIE VYANDIG TE WORD TEENOOR GOD NIE. (DIE HEEL GROOTSTE SONDE)

Jy het dalk al êrens gehoor dat daar net een sonde is wat jy nooit voor vergewe kan word nie.

***Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering kan die mense vergewe word, maar die lastering teen die Heilige Gees kan nie vergewe word nie. As iemand iets teen die Seun van die mens sê, kan dit hom vergewe word; maar as iemand iets teen die Heilige Gees sê, kan dit hom nie vergewe word nie, nie in hierdie bedeling nie en ook nie in die toekomstige nie. (Matteus 12:31-32)***

*Ons glo dat die Heilige Gees aanhoudend aan ons harte klop, dat Hy aanhoudend ons probeer oortuig van ons sondes, en dat Hy graag wil hê dat ons versoen moet word met God. Wanneer iemand dan aanhoudend kies téén die werking van die Heilige Gees in hulle lewens, kan die Heilige Gees ophou om te werk in daardie persoon se hart. Die Heilige Gees gee dus die persoon oor aan die finale oordeel van God. Dit is veilig om te sê dat dit nie 'n once off sonde is wat jy doen nie, maar dat jy aanhoudend kies teen die werking van die Heilige Gees in jou lewe.*



## #HARDOP

- Waaruit bestaan die Drie-enige God?
- Het jy al ooit besef hoe naby God (deur sy Gees) aan jou wil wees?
- Watter karaktereienskappe van die Heilige Gees is vir jou die mooiste?
- Wie ken jy wat ooglopend vol van die Heilige Gees is?
- Vertel ons van die persoon.

## get real

Bid vir vervulling met die Heilige Gees. Dit is hoe God dit bestem het. Dat Hy naby aan ons kan wees. Dat ons onder die leiding van die Gees kan staan, maar ook in vriendskap met Hom. As jy gister daarvoor gebid het kan jy weer vandag daarvoor bid. Dit is 'n eindelose proses. Maar nee, dit maak nie sin om die lewe aan te pak sonder die werking van die Heilige Gees in ons lewens nie.






# 15 Jou Getuienis: SHAPE



# PRAAT DAAROOR



Die jaar het ons nou al oor 'n hele reeks onderwerpe gesels, met die doel om kennis oor te dra van die belangrikste aspekte van ons geloof as volgelinge van Jesus. 'n Basis van kennis oor wat ons doen en hoekom ons dit doen is absoluut noodsaaklik vir 'n gelowige – siende dat geloof uit beide kennis en vertroue bestaan (onthou jy dit?). Van hier af vorentoe raak dit egter die punt waar hierdie inligting nou meer toepassing se kant toe staan, en dit is dan ook waar ons begin vandag - by jou. By wie jy is en wat jy doen en wat jy kan doen. Al hierdie dinge wat ons oor hoeveel jaar vir jou geleer het by die kerk en op ander plekke, is om jou geloof te help vorm. Geloofsvorming is egter iets wat nooit ophou nie, daarom is hierdie jaar by die kerk ook net 'n roetemerker wat jou help om te groei. Vandag gaan ons gesels oor hoe jy, as unieke individu, gevorm is om 'n impak te maak. Die realiteit is dat daar baie mense is wat sê en voel hulle wil 'n impak maak, maar hulle weet nie hoe nie. So, vandag wil ons vir jou 'n hulpbron gee, 'n prentjie oor hoe om jou doel te ontdek sodat jy ook waarde kan toevoeg in die nuwe wêreld van Jesus. Hierdie hulpbron help jou om jou unieke vorm te ontdek en dus is dit genaamd: SHAPE.

**Waarvoor staan SHAPE?**

- **S** Spiritual gifts
- **H** Heart
- **A** Abilities
- **P** Personality
- **E** Experience

## S Spiritual gifts


Soos ons voorheen vir mekaar gesê het, is die gawes van die Gees 'n noodsaaklike deel van die lewe van 'n gelowige. Die gawes is 'n genadegawe van God af aan ons, en die Here besluit self hoe Hy dit wil aanwend deur ons. Een is nie belangriker as die ander nie. Almal is krities vir die gesonde werking van die liggaam van Christus in die gebroke wêreld waarin ons leef. Hoekom? Want die bedoeling van die gawes is om ander daarmee te bedien, nie onsself nie. Die gawes is daar sodat ons die wêreld, en mekaar, beter kan bystaan en help.

**#HARDOP**

- **Wat het jy tot dusver ontdek oor die gawes wat die Here vir jou gegee het? Hoe het jy al begin om hierdie gawes te gebruik en in te oefen?**

## H Heart

Ons sing so gereeld: "break my heart for what breaks yours..." Maar wat beteken hierdie hart waarvan ons praat? Jou hart is 'n unieke deel van jou, wat jou jóú maak. As ons praat van "jy het 'n hart vir iets", verwys ons na iets wat werklik vir jou saak maak; wat vir jou belangrik is; waaroor jy passievol is. Iets wat jou vreugdevol maak; onreg wat jou kwaad of hartseer maak. Dit is 'n passie vir jou gegee vanuit God se hand. Dit is die een of twee dinge waaroor jy liries opgewonde raak en nie omgee om ekstra tyd of jou vryetyd aan te spandeer nie. Dit is die kwessie/saak waarin jy graag 'n impak sal wil maak.



#HARDOP

- Maak 'n merkie by een of twee van die volgende wat jou regtig na aan die hart lê:

- [ ] Armoede
- [ ] Diere wat verwaarloos word
- [ ] Die stand van die ekologie
- [ ] Mense wat geboelie word
- [ ] Onregverdigheid
- [ ] Kinders sonder ouers
- [ ] Mense wat berading nodig het
- [ ] Rassisme
- [ ] Verslawing
- [ ] Prostitusie/Mensehandel
- [ ] Sendingwerk na onbereikte mense

## A Abilities

Jou *abilities* is jou natuurlike vaardighede. Ons almal ken daardie een ou wat 'n gebore sportman is; die meisie wat net 'n absolute gebore leier is; die persoon wat 'n uitsonderlike kultuur-dier is; iemand wat byna alles druip maar Wiskunde ace. En so gaan die lys aan en aan. Sekere mense is maar net beter in sekere dinge as ander. En dit is jou abilities. Daardie ding/dinge waarin jy van nature goed is. Gebruik dit vir Jesus. Nie almal kan sprekers wees nie en alle sprekers is definitief nie bouers nie ens. Almal, en alle vaardighede, is nodig in die kerk. Of dit prakties, teoreties, kreatief of wat ook al is – jou talente en vaardighede is vir jou gegee deur die Here om 'n verskil te maak. Wees dan die sportman, skrywer, onnie, sanger, danser, houtwerker, boer, prokureur, dokter, rekenmeester, leier, ontwerper, bakker, ingenieur – wat ook al God jou gemaak het om te wees – in sy Naam en vir sy nuwe wêreld.

- **Wat sê ander mense oor jou *abilities*? Watter vermoëns sien hul in jou raak?**
- **Noem net een van jou *abilities*/vermoëns wat jy dink die Here kan gebruik?**

#HARDOP

## P Personality

Jou persoonlikheid word duidelik deur hoe jy situasies en mense hanteer. Is jy 'n introvert of ekstrovert? Goed met druk of nie? Hou jy van struktuur, of verkies jy om voëlvry te wees? Is jy 'n dromer of bietjie meer prakties? Leier of ondersteuner? Waar kom jou energie vandaan? Dit alles is belangrik, want dit maak dat ons elkeen dieselfde situasie op ons eie, unieke manier beleef en ervaar. Niemand beleef die lewe soos jy nie – en jy en jou persoonlikheid is krities vir hierdie wêreld. Daarom hoef jy ook nie alewig skuldig te voel oor wie jy nie is nie. Wie jy wel is, is wie die Here wil gebruik.

- **Hoe sou jy jou persoonlikheid opsom in vyf woorde?**
- **Hoe kan verskillende persoonlikhede mekaar help in die kerk?**

#HARDOP



# E Experience

Laastens is jou ervaring. Lekker of sleg, jou lewensstorie is joune en niemand anders s'n nie. Dit is waar ons leer, gevorm word, opgebou of miskien afgebreek word. Elke keer as ons iets beleef of deur 'n ondervinding gaan, leer ons iets en dit kan ons help om dinge in die toekoms beter te hanteer. Ervaring gee jou soms gesag op 'n gebied, want jy weet hoe dit is en hoe dit werk. Dit is ook hoekom ons getuienisse deel. Hierdie unieke stories van mense, en ook joune, is belangrik vir ander om iets van God se grootheid in hierdie wêreld te beleef.

#HARDOP

- **Het jy al iets ervaar wat jou in staat gestel het om ander mense te help?**
- **Kan jy aan een *life-defining* oomblik dink, 'n oomblik wat jou lewe vir die beter verander het? Deel dit!**

get real

**Belangrik:**
Vat nou so 5 minute (ja, ons weet dit is lank) om in stilte te bid oor jou eie persoonlike ***SHAPE***. Dit is immers hoe God jou gemaak het – om God te dien en die wêreld te bereik. Skryf dit iewers neer. Elkeen van ons se ***SHAPE*** is uniek en dit beteken dat ons elkeen 'n impak in die wêreld gaan maak. Wat hierdie impak gaan wees, positief of negatief, minimaal of aardskuddend, is egter in jou hande. Jy het die potensiaal om 'n daadwerklike verskil te maak in hierdie wêreld, in mense se lewens, . Mag die Gees van God jou lei om jou unieke ***SHAPE*** te ontdek en mag jy dit gebruik om lewens te verander in 'n wêreld wat uitroep om hulp.



# 16 DISSIPELSKAP

MARKUS 7

MATTEUS 15:16-17

JOHANNES 1:35-41



LUKAS 24:25

MARKUS 6:7

MATTEUS 28:19-20


Om so naby as moontlik aan Jesus te loop

# PRAAT DAAROOR

**HOE MEET EK OF EK IN HIERDIE JAAR GEESTELIK GEGROEI HET?**
Dit is 'n moeilike vraag en ons weet nie lekker hoe om dit te meet nie. As my gebede 2 minute langer is as gewoonlik of as ek 4 minute langer in die kerk kan luister na die boodskap voor m y gedagtes dwaal, het ek dan geestelik gegroei? Op die atletiekbaan weet ek dat ek beter hardloop, want my tyd sal verbeter. Met my akademie kry ek beter punte, maar hoe gaan ek kan meet en weet dat ek besig is om geestelik te groei?

- **Gebruik gebare taal en wys vir die res van jou groep of jy geestelik gegroei het die jaar deur een van drie tekens te wys vir jou groep.**

**#HARDOP**




Wysvinger af:
Ek dink nie ek het geestelik gegroei die jaar nie.



Wysvinger op:
Ek dink ek het geestelik gegroei die jaar.

Wysvinger neutraal:
Daar het nog nie eintlik iets met my gebeur hierdie jaar nie.



## Fan to Follower

Ons glo dat geestelike groei gemeet kan word deur om die volgende vraag te vra: "Hoe naby of hoe ver loop jy van Jesus?" Is jy 'n *fan* wat in verwondering staan oor alles wat Jesus hier op aarde gedoen het, maar Hy is op 'n ver afstand vir jou, of kan dit wees dat jy hierdie jaar dalk 'n besluit geneem het om van die paviljoen af op te staan en nader aan Jesus te beweeg? Mense wat baie naby aan Jesus loop nies gereeld in die stof wat Jesus opskop. As ons naby aan Jesus loop, hoor ons hoe Hy met mense praat, word ons gereeld geleer in God se wil, en staan ons uiteindelik in 'n baie diep verhouding met Hom - juis omdat ons sáám die lewe leef. Hierdie proses om al hoe nader aan Jesus te loop, word dissipelskap genoem.

- **Kies een van die volgende woorde om jou verhouding met Jesus op te som en vertel vir jou groep hoekom?**

**#HARDOP**

- ☐ **Ek sit nog op die paviljoen.**
- ☐ **Ek is besig om by die trappies af te loop op pad na Jesus toe.**
- ☐ **Ek staan al onder in die arena op pad na Jesus toe.**
- ☐ **Ek begin vir Jesus al hoe meer duidelik te sien.**
- ☐ **Ek kan al Jesus se stem hoor.**
- ☐ **Ek kan al aan Jesus raak.**
- ☐ **Ek het besluit om eerder die paviljoen te verlaat weg van Jesus af.**

SIT JY OP DIE PAVILJOEN OF IS JY BESIG OM TE STAP AGTER JESUS AAN?




## Dissipelskap

Om te weet wat dit regtig beteken om naby aan Jesus te loop moet ons gaan kyk na die mense wat 'n doelbewuste keuse gemaak het om baie naby aan Jesus te loop.

Hier is 'n paar *fun facts* wat jy dalk nie geweet het van Jesus se dissipels nie:

- **Hulle was ongeleerdes!** In Jesus se tyd het ander rabbi's die akademiese "elite" gekies juis omdat hulle vinniger kon leer. Jesus kies gewone mense en dit het Hom frustreer! Matteus 15:16-17 en Lukas 24:25 verwys na Jesus se frustrasie omdat hulle so traag was om te verstaan.
- **Jesus het besties gehad.** Petrus, Jakobus en Johannes was in Jesus se binnekring, sy baie naby vriende.
- **Daar is 12 dissipels en dit verwys na die 12 stamme van Israel.** God het Israel uitverkies om versoening te bewerkstellig tussen God en alle nasies. Die plan het egter nuwe betekenis gekry deur die 12 dissipels wat as apostels na die wêreld gestuur sou word om hierdie versoening tussen mense en God te bewerkstellig, wat die volk van Israel nooit kon regkry nie.
- **Andreas was die eerste dissipel en ook die ultimate wingman.** (Dit is die derde persoon wat die agenda van 'n vriend dryf vir sy vriend se beswil). Andreas het dadelik, nadat Jesus hom geroep het, vir Petrus, sy broer gaan haal en hom aan Jesus bekend gestel. Petrus en Jesus sou beste vriende word en Andreas sou in die agtergrond verdwyn. (Ons lees maar skaars 4 keer weer van hom in al Jesus se verhale). Tog het hy vir Petrus aan Jesus bekend gestel, al was dit heel waarskynlik ten koste van 'n eie diep verhouding met Jesus.
- **Daar was baie bekwame vroue dissipels!** In die tyd wat die Bybel geskryf was, het die rol van mans die kultuur oorheers. Net omdat daar nie baie geskryf was oor die vroue dissipels nie beteken allermins dat daar nie vroue dissipels was nie. Jesus het baie gesteun op Maria Magdalena, Johanna en Susanna as dissipels wat hom gehelp het in sy bediening.




- **Ons sê baie vinnig dat ons agter Jesus moet aanloop net soos wat sy dissipels agter hom aangeloop het. Die waarheid is egter dat Jesus nie meer soos 'n mens hier op aarde rondloop nie. As ons dan nie agter Jesus kan aanloop nie, agter wie moet ons aanloop?**
- **Hier speel die rol van mentors dan 'n rol. Dit is mense wat Jesus se voorbeeld navolg en ons dan wys hoe om soos Paulus dit genoem het, 'n ambassadeur van Jesus te wees.**



## Dissipels word apostels

Wat is 'n apostel? Dit beteken om 'n gestuurde te wees. Dit verwys na die mandaat wat Jesus sy dissipels gegee het om soos Jesus te wees wanneer Hy nie meer op aarde is nie. Hulle sou uiteindelik Christenskap die hele wêreld deur verkondig.

**MAAR...**
Eers was hulle dissipels wat baie naby aan Jesus geloop het en by Hom geleer en geluister het.

## Jesus stuur ook sy dissipels op Mission exposure trips!

Markus 7 vertel die verhaal van Jesus wat die 12 dissipels, maar ook ander dissipels (wat nog nie so naby aan Jesus geloop het nie), uitstuur op hulle eerste korttermyn uitreik. Hulle moes tweetwee uitgaan en moes mekaar ondersteun. Uiteindelik sou al 12 van Jesus se dissipels uitgestuur word om sendelinge tot die uithoeke van die aarde te gaan wees, op hulle eie. Korttermyn uitreike het die vermoë om jou lewe radikaal te verander. Maak seker jy sit 'n korttermyn uitreik op jou persoonlike bucket list.






## Die verskillende fases om deur Jesus geroep te word tot dissipelskap!

- **Kom tot bekering** (kies in jou kop om Jesus te volg) Êrens moet ons Jesus in ons lewens innooi. Johannes 1:35-41.
- **Bediening** Petrus is op dié stadium reeds geroep as dissipel. Tog is hy nog besig om vis te vang. Hier maak hy egter 'n besluit om vorentoe te beweeg en Jesus te volg.
- **Apostelskap** Hulle word nou uitgestuur en later permanent uitgestuur. Markus 6:7.
- **Martelaarskap** Om uiteindelik die hoogste prys te betaal is die grootste koste van dissipelskap. Om bereid te wees om jou lewe af te lê vir Jesus en dit waarvoor ons staan as volgelinge van Hom. Jy sou nie bereid wees om vir Jesus gemartel te word as jy hom nie diep en intiem ken nie. Dit is hoekom daar baie gesê word dat jou wandel saam met Jesus as 'n journey gesien kan word. Jy ontdek vreeslik baie van jouself op die pad. Die eindbestemming is nie die enigste doelwit nie, maar om volledig elke tree op die pad te omhels, word die doelwit.

- **Is jy bereid om vir jou geloof te sterf? (Sou jy vir jou beste vriend/vriendin sterf?). Heel moontlik. Hoe nader ons aan Jesus stap, hoe meer word ons soos Hy.**



## Wat het van die 12 dissipels geword?

| | |
|---|---|
| **Jakobus:** | Sendeling in Judea, hy word onthoof. |
| **Johannes:** | Hy is dood aan ouderdom. Gevangene op Patmos. |
| **Andreas:** | Sendeling in Georgië en Bulgarye, gekruisig in Griekeland. |
| **Petrus:** | Sendeling in Italië en Asië, onderstebo gekruisig in Rome (Hy was nie bereid om soos Jesus gekruisig te word nie). |
| **Bartolomeus:** | Sendeling na Indië, doodgeslaan. |
| **Filippus:** | Sendeling in Turkye, gemartel. |
| **Thomas:** | Indië en Afghanistan, gesteek met 'n spies, gesterf aan wond. |
| **Matteus/Levi:** | Sendeling na Iran, onthoof. |
| **Simon:** | Biskop in Jerusalem, gekruisig. |
| **Judas:** | Selfmoord gepleeg. |
| **Mathias:** | Bly in Jerusalem, onthoof. |
| **Jakobus (Alfeus):** | Gekruisig |

chosen

- **Is dissipelskap opsioneel?**
- **Nee, Matteus 28:18 gee ons 'n rede vir ons bestaan.**
- **Wat kan jy verder op hierdie journey doen om dalk te verander van 'n *fan* op die paviljoen na 'n follower van Jesus?**

**#HARDOP**






# 17 DOOD & Wederkoms

JOHANNES 11:25



FILIPPENSE 3: 7-10

# PRAAT DAAROOR





Toe jy die opskrif lees het jy heel moontlik oorweeg om die gedeelte te skip. Wie in sy gesonde verstand is lus om te dink aan die dood? Dit is seker die mees vreesaanjaende gevoel wat enige mens kan deurgaan om te dink hoe 'n geliefde moet doodgaan. Boonop as jy Afrikaans is, moet ons mekaar herinner dat ons in 'n death denying culture leef. Dit beteken dat ons nie eintlik daarvan hou om oor die dood te praat of te dink nie. Het jy al ooit gedink hoe en waar jy begrawe wil word? Wat jou begrafnislied gaan wees? Wie jy sou wou bel as jy net nog een oproep kon maak? Wanneer ons dan wel iemand aan die dood afstaan, dan herinner ons mekaar vinnig na die begrafnis dat die lewe aangaan en ons moet ophou treur. Hierdie boublok help ons om mekaar te herinner dat ons tyd hier op aarde van korte duur is, selfs in God se nuwe wêreld.

## Wat maak ons die bangste van die dood?



Heel moontlik die feit dat niemand van ons weet hoe lyk die anderkant van die dood nie. Ons weet net dat dit vir ewig is en dat ons in die lewe nooit weer daardie bepaalde persoon gaan sien wat gesterf het nie. Dit bewys vir ons gewoonlik dat jou hart regtig seer kan word wanneer ons 'n geliefde mis. Ons weet ook nie eintlik hoe dit voel net voor jy doodgaan nie en daar is geen kontak aan die ander kant van dood nie. Dit maak ons aan die eenkant onrustig, veral as ons nie die geleentheid gehad het om iemand te groet nie.

## Wat leer ons uit die geskiedenis van die mensdom oor die dood?

Dat niemand die dood vryspring nie. Baie mense het al baie oud geword maar uiteindelik het hulle ook maar gesterf. Met al die vooruitgang van tegnologie en wetenskap kon nog steeds niemand 'n resep vind om die dood vry te spring nie. Daarom het die dood 'n houvas op ons almal. Deur die loop van die geskiedenis was daar gewoonlik 'n breë verstaan dat na die dood jy óf hemel óf hel toe gaan.

## As volgeling van Jesus...

In 1563 is 'n baie belangrike leerboek vir jongmense in Duitsland saamgestel deur die heel slimste teoloë. Dit is 'n leerboek wat vandag nog 'n belangrike rol speel selfs in die opleiding van dominees in die Gereformeerde kerk. Die vertrekpunt van die leerboek is dat ons enigste troos in lewe en dood is dat ek aan Jesus Christus behoort. In 'n wêreld waarin ek en jy uitgelewer is aan die dood het ons 'n troos. Sy naam is Jesus. Want behalwe vir Jesus weet ons nie van iemand anders wat al uit die dood uit opgestaan het nie (alhoewel daar al mense opgewek is, is Jesus die enigste een wat self uit die dood opgestaan het). Jesus was dood maar het uit die dood opgestaan en dan nooi Hy ons om in onsself te sterf, sodat ons ook uit die dood kan opstaan. Ons was nie die enigste mense wat gewonder het oor die dood nie. Paulus verduidelik vir die gemeente in Filippi dat sy enigste troos is om Jesus te ken, en dan te leef vanuit die opstanding (Filippense 3: 7-10).

Maar eers gaan jy moet sterf. Nie net fisies as jy byvoorbeeld oud is nie, maar ook in jou eie sondige natuur. Paulus moedig ons aan om in onsself te sterf sodat ons soos Jesus uit die dood uit kan opstaan en vir ewig lewe. Dit beteken dat al is jou aardse liggaam besig om ouer te word, jou gees reeds deel van die ewige lewe is omdat jy saam met Jesus die dood oorwin het. Daarom kan ons dan definitief sê dat ons enigste troos in lewe en dood is dat ek aan Jesus Christus behoort. As jy dus kan glo dat Jesus uit die dood uit opgewek is na drie dae, dan kies jy die lewe en die lewe in oorvloed!



**Vir as jy ooit weer in jou lewe bang sou wees vir die dood, onthou die volgende:**
Johannes11:25- "Ek is die Opstanding en die Lewe, wie in My glo, SAL lewe, al het hy ook gesterwe".

#HARDOP


- Is daar iemand wat kan vertel van 'n belewenis wat hulle gehad het by 'n begrafnis?
- Wat (behalwe Jesus en die hoop wat hy vir ons gee het), is positief aan 'n begrafnis? (Ons enigste troos is dat ons aan Jesus behoort)

## Wanneer jy iemand naby aan jou iemand aan die dood afstaan:

1. Moenie probeer verduidelik nie. Geen verduideliking gaan help nie.
2. Jy wat net daar is en saam rou en saam huil is die beste wat jy kan doen.
3. God straf ons nie met die dood nie, Hy het juis die dood kom oorwin en daarom het hy nie uit vrye wil sy heel mooiste blom gepluk soos wat baie begrafnisbriewe sê nie.
4. Hou aan omgee. Almal gee om vir die eerste twee weke. Dan raak dit alleen. Doen moeite om aanhoudend in te loer en bystand aan te bied.
5. Tyd genees: Dit is nie net 'n cheesy gesegde nie. Dit is waar, hoe langer ons deurdruk, hoe makliker word die pyn van die verlies om te hanteer.








Het jy enige vrae oor die dood?

## Wederkoms

Ons weet Jesus kom weer. Dit is belangrik dat Hy weer kom, want dit gee vir ons 'n vervaldatum van ons roeping om die nuwe wêreld vir mense 'n werklikheid te maak. Dit beteken dat daar vir ons het 'n bepaalde tyd hier op aarde is wat ons moet maak tel. Ons weet Jesus het gesê Hy kom gou weer sodra elke persoon op aarde ten minste van hom kon hoor. Dit is waarmee ons onsself besig hou totdat Hy weer kom. Die belofte is gemaak dat Hy weer sal kom. Niemand weet wanneer nie, maar ons weet dat Hy weer kom. Dit is 'n belofte wat Jesus gemaak het. Hoe die wederkoms gaan lyk sal niemand weet nie.

**get real**

- **Maak die wederkoms jou bang of opgewonde?**
- **Hoekom sê jy so?**



# 18 DIE GEESTELIKE *wêreld*

EFESIËRS 6

ROMEINE 16:19

OPENBARING 12:7

KOLOSSENSE 2:15




FILIPPENSE 4:8

ROMEINE 3:23

JOHANNES 10:10

OPENBARING 20:10

# PRAAT DAAROOR



Jy moes al êrens gehoor het dat iemand jou vertel van die dae toe hulle in die weermag was. Dit is gewoonlik stories wat jou herinner hoe maklik jy die lewe het en dat al jou tekortkominge te make het met die feit dat jy nie in die weermag was nie. Jy voel heel moontlik dat dit onregverdige opmerkings is omdat jy 'n baie goeie idee het wat oorlog behels aangesien jy gereeld Battlefield, Call of Duty en Fortnite speel. Of jy oorlog haat en hoendervleis kry as Mej. Suid Afrika vir wêreldvrede pleit op die TV, klink dit asof volgelinge van Jesus ook mense van 'n oorlog is. Paulus maak dit duidelik in die brief wat hy vir die kerk in Efese geskryf het (Efesiërs 6). Paulus sê dat ons stryd hier op aarde nie teen mense is nie, maar teen magte, kragte en geeste wat ons nie eers kan sien nie. Dit lyk dan asof ons iets van 'n geestelike oorlog moet verstaan as ons Jesus voluit wil volg.

## Daar is meer tot die lewe as wat ek en jy nou sien

Wanneer ons die boek van Openbaring lees, gee dit ons 'n bietjie van 'n beter verstaan van hierdie geestelike oorlog wat reeds in die hemel afgespeel het. Ons lees dat satan en sy bose geeste uit die hemel gewerp is, en vir oulaas probeer om gewone mense soos ek en jy te vernietig (Openbaring 12:7). Alhoewel hierdie wêreld anders lyk as die fisiese wêreld waarin ek en jy leef is dit belangrik om te weet dat dit bestaan. Die vyand (versamelnaam vir die bose magte) is uit daarop om jou lewe te verwoes. Die nog slegter nuus is dat mens dit eintlik altyd eers in retrospek kan raaksien. Klein leuens word uiteindelik ons realiteit, grappies word ernstige oordeelsfoute en onskuldige eksperimente verwoes uiteindelik ons lewens. Dit is die werk van die bose. Om te keer dat jongmense hulle Godgegewe roeping uitleef.



## Hoe baie tyd moet ons spandeer op die vyand?

**Geen**: In die Gereformeerde tradisie kom sê ons vir mekaar dat die heel belangrikste ding om te weet van die duiwel is dat hy oorwin is! (Dit is nou hier waar jy 'n klein cheer of 'n whoop whoop kan gee!). Om jou hieraan te herinner sou ons sommer Kolossense 2:15 êrens teen my muur plak: ***"Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer"***. Jesus maak dit duidelik dat Hy in die openbaar (sodat die hele wêreld dit kon sien) met die satan afgereken het. Hiermee erken Jesus dat daar wel 'n tyd was waar satan in beheer was van die wêreld, maar nie meer nie. Dit verduidelik basies dat die bose geen invloed op jou lewe hoef te hê nie, maar dat die bose wel steeds gaan probeer om 'n invloed op jou lewe te hê.

## Hoe het God die satan en sy bose

Satan se groot houvas op aarde was dat hy verantwoordelik was dat mense geskei word van die liefde van God. Die bose het geweet dat God homself nie met sonde kan assosieer nie, en moedig juis mense aan om ver van God te leef. Die uiteinde van hierdie lewe is die dood en 'n leeftyd geskei van God af. Ons het reeds Romeine 3:23 bespreek in die jaar, maar vir die verstaan van die geestelike wêreld is dit dan baie relevant. As die "uiteinde van sonde die dood is", beteken dit sonde het 'n houvas op die mens. Wanneer Jesus dan die dood oorwin, word die groot wapen wat satan en sy bose magte al die tyd nog gehad het van hom weggeneem. Hy is nou soos 'n by sonder 'n angel, hy het nie meer 'n plan nie en kan nie verder aangaan om jou lewe te verwoes en om te slag en te steel soos in die verlede nie (Johannes 10:10). Dit beteken ongelukkig nie dat satan dit aanvaar het nie, en daarom is hy steeds besig in ons lewens.





#HARDOP

- As jy die bose die simbool van 'n kruis kon wys, aan wat dink jy sou dit
- die bose herinner het?

## Hoekom is die bose dan nog steeds 'n realiteit in ons wêreld en hoe weet ons dit?

Dit vat nie 'n spesiale wetenskaplike om te besef dat die wêreld vol boosheid is nie. Moord, dwelms, armoede, siektes, haat en selfsugtigheid klink mos nie baie na God nie? Dit klink verder ook nie asof die kruis van Jesus dan so groot impak gehad het nie? Jy is doodreg. Die slegte in die wêreld kan nie toegeskryf word aan God of Sy wil vir ons nie. Dit is die laaste stuiptrekkings van satan en sy bose magte voor hulle finaal van ontslae geraak word deur God. Openbaring 20:10 skep 'n bleek prentjie van wat binnekort met satan gaan gebeur: **"Die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swael gegooi, daar waar die dier en die vals profeet ook is. Hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid."**

Die vooruitsigte vir die duiwel en sy bose magte lyk dus nie baie goed nie. Tog is hulle steeds besig om mense se lewens te verwoes deur mense se lewens te beheer. So vir oulaas is die vyand slinks en skelm en is besig met verskuilde agendas in 'n klomp plekke in die wêreld waarin ek en jy leef.

**Duidelike plekke waar jy die duiwel kan raaksien:**

- Waar daar onenigheid is tussen Christene. Die vyand weet watter krag is daar indie eenheid van Christene
- Uitgesproke satan aanbidders bestaan ook en kies om onder die gesag van die vyand te staan
- Wanneer mense ooglopende eenvoudige goed nie regkry nie en eerder leuens glo
- Die feit dat mense nog steeds hartseer word, mekaar vermoor en mekaar se lewens verwoes, herinner ons dat die wêreld nog nie finaal ontslae is van die bose nie

## Wat beteken dit om demoon besete te wees?

Dit blyk uit 'n paar voorbeelde, veral in die Nuwe Testament, asof party mense hulle liggame vrystel as 'n woonplek vir die vyand om in te woon. Net soos wat ek en jy ons liggame beskikbaar stel om vir die Heilige Gees plek te maak, kies party mense om eerder te assosieer met die vyand. Presies hoe dit gebeur is moeilik om vas te stel. Dat dit wel moontlik is, kan nie ontken word nie. Dat dit mense se lewens verwoes is 'n realiteit, maar dat die bloed van Jesus jou kan bevry hiervan is nog 'n groter realiteit.

## Is jy dalk bang dat 'n bose gees in jou woon?

Dit is seer sekerlik 'n vrees wat by ons almal bestaan. Elke keer as ek 'n geluid hoor in die nag, as ek siek voel, as ek in 'n bakleiery was en nog baie ander voorbeelde, laat my wonder of ek huisvesting vir die bose bied? Dit hoef nie so te wees nie. Ons weet dat die vyand oorwin is en die bewyse daarvan is in die bloed van Jesus wat die bose se krag kom breek het. Wanneer ek dan my liggaam en eintlik maar my hele menswees beskikbaar stel aan God en hom vra om in my te leef, hoekom op dees aarde sal Hy dan toelaat dat 'n bose gees in my mag woon?



## Wie gaan jy airtime voor gee?

Ons is oortuig daarvan dat dit die Here se hart baie seermaak as ons die duiwel (wil nie eers eintlik die moeite doen om sy naam te tik nie) airtime gee om inspraak in ons lewens te gee. Want elke keer as ons na hom verwys, na sy mag in die wêreld, na wat hy vandag kom doen het, na wat ons dink hy kan doen in die toekoms, is ons eintlik besig om vir hom krediet te gee vir die laaste bietjie krag wat hy betoon in die wêreld. Dat hy gevaarlik is, en dat ek myself nie moet oopstel vir demoniese bindings nie, kan ook nie ontken word nie.

Wat God egter van my en jou verwag as sy kinders is om ligdraers te wees. Daarom sê Paulus vir ons in die brief aan Filippense dat ons moet soek na alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is, dit is die goed waarop jou gedagtes gerig moet wees (Filippense 4:8). Verstaan jy dan hoekom dit eintlik sonde is om krediet vir die werk van die duiwel te gee? Waarop is jou gedagtes gemik? Gaan soek jy die duiwel agter elke bos? Jy weet hy is vir altyd oorwin en is eintlik veronderstel om onder die sole van jou voete te wees? (Romeine 16:19)

- **In watter areas van jou lewe gee jy nog die duiwel airtime?**
- **Wat gaan jy daaraan doen (indien enigiets)?**

#HARDOP

# GEBED




*Here, dankie dat U die bose oorwin het,*
*dat U reeds regeer en dat U my 'n kind van U noem.*
*Dankie Here dat die bose geen houvas*
*op my lewe hoef te hê nie.*
*Ek bely weer dat my hele liggaam, my huis,*
*my gesin en almal in my wêreld aan U behoort.*
*Ek bid dus die bloed van Jesus wat aan*
*die kruis gesterf het toe oor my lewe.*
*Die duiwel het geen houvas in my lewe nie.*
*Here wees asseblief met my terwyl ek dan steeds die*
*werkinge van die duiwel teenstaan in die wêreld*
*deur dit te beveg met die waarheid,*
*die lig en die lewe deur Jesus*
*Christus. Amen*

# 19 "ONS VOLKSLIED"


EFESIËRS
2:8

2 KORINTIËRS
5:9



FILIPPENSE
2:9

# PRAAT DAAROOR



Wie sou ooit vergeet watter spektakel Ard Matthews van homself gemaak het toe hy die volkslied se woorde nie kon onthou nie? Hy het op nasionale televisie die Springbokke uitgestuur Wêreldbeker toe, maar ongelukkig Nkosi Sikelel' iAfrika oneer aangedoen. Dit het vir baie pret gesorg en ons lag nou nog lekker daaroor – gaan kyk 'n bietjie weer die YouTube clip as jy vergeet het. Tog gebeur dit met ons ook, veral as dit by ons geloof kom! Wanneer iemand vir jou in die middel van die nag sou vra waarin jy glo, is die kans goed dat jy soos Ard Matthews mag voel. Want net soos ons volkslied, het ons geloof ook 'n paar kern idees waarsonder ons nie sou kon sinmaak van ons geloof nie.




Terug by Luther: Hy was bereid om sy lewe te gee vir die volgende beginsels wat ons ook die pilare van die Gereformeerde tradisie noem. Dit is maar die moeite werd om dit te ken.

- **Vra 'n paar van die groep waarin hulle glo.**




Dit is nie so maklik nie. Daarom kan jy maar weet dat hierdie les nie 'n mors van tyd is nie, maar uiters belangrik is. As ons praat van jou getuienis dan moet ons jou tog 'n paar riglyne gee waarvolgens jy moet werk!
Die plan is dus dat jy met groot vrymoedigheid die volkslied van die Gereformeerde tradisie (waarvan jy deel is) kan saamsing ná hierdie geleentheid.


## Die 5 solas wat die kern vorm van ons Gereformeerde Christelike volkslied:

Die 5 solas (die woord "sola" beteken in Latyns "alleen") vorm die kern van dit waarin ek en jy glo. As jy na ons preke luister, dan sal jy agterkom dat hierdie 5 dinge altyd deel vorm van die boodskap. Dit vorm die basis. Onthou die woord sola en solo beteken dieselfde. As iemand 'n solo sing, sing hy/sy alleen. Hierdie solas vorm die hoofpilare waarop wat ons glo, rus.
Ons volkslied het 5 goed waarin ons "alleenlik glo". Hier gaa't ons!




## #1 Sola Gratia: Alleen uit genade gered

Dit is die storie van die Reformasie van 500 jaar gelede. Ek en jy het niks gedoen of gesê wat maak dat Jesus méér van my hou nie. Dié inisiatief kom van Hom af. Dit gaan nie oor wat ek gedoen het nie. Dit gaan nie oor of ek liedjies gesing het of nie te veel gevloek het nie. Ek het niks gedoen nie (en kan nog steeds nie deur werke dit doen nie). God het alles gedoen! Paulus sê vir die gemeente in Efese: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit kom nie uit julleself nie: Dit is die gawe van God, nie uit jou werke nie." (Efesiërs 2:8)



- **As ons dan niks hoef te doen om genade te ontvang nie, hoekom moedig die kerk jou aan om juis uit te reik, mense lief te hê, spesifieke goed nie te doen nie ens. Waaroor gaan dit?**









## #2 Sola Fide: Alleen deur geloof

Geloof beteken dat ek die vermoë het om te glo in dit wat in die Bybel staan. Geloof is belangrik want ek en jy kan nie die Vader, Jesus of die Heilige Gees sien nie. Dit is maklik om van Jesus te weet. Argeologie en geskiedskrywers, binne en buite die kerk, vertel dat Hy 'n regte Mens op aarde was. Máár nou word vir ons vertel dat Hy na die hemel toe opgevaar het. Dit het ons nie gesien nie. Die Gees van God gee vir ons die vermoë om hierdie waarheid te glo. Dit is 'n wonderwerk op sigself. Meeste van ons sukkel om te glo in aliens, maar ons glo vas in Jesus. Geloof maak jou pad saam met God dus 'n baie opwindende stel trappe om te klim. Dit is 'n dinamiese pad saam met God die onbekende in. Hierdie avontuur is moontlik as jy Hom blindelings glo, We walk by faith and not by sight. (2 Korintiërs 5:9)

## #3 Sola Christus: Alleen in Jesus



Jesus is die begin en die einde van ons storie. Hoe gereeld sing ons nie die frase "in Christus alleen"/"in Christ alone" nie? As dit nie vir Jesus se lewe, sy kruisiging en uiteindelik sy opstanding uit die dood was nie, het ons nie 'n identiteit gehad nie en was ons nie nou hier nie. Ons sou verlore in ons sondes gewees het, en dit sou op die dood en 'n ewige lewe weg van God uitgeloop het. Jesus se storie is nou egter ons storie. Die versoening van God is deur Jesus bewerkstellig! Hy het ons kom leer wie God is en deur Hom kan ons tot die Vader nader. Nou is daar geen twyfel meer dat Jesus 'n goeie God is nie. Die Naam bo alle name (Filippense 2:9). Deur Hom en sy kruis en opstanding, en geen ander, is daar redding, heling en ware lewe vir ons.

## #4 Sola Scriptura: Volgens die Bybel alleen Christus



Nie die Huisgenoot, Hollywood, die Men's Health of 'n mooi Facebook post nie, maar die Bybel alleen is die Christen se vertrekpunt. Augustinus het gesê dat die Bybel God se gesig sal wees noudat die vroeë kerk uitgesterf het. Dat as ons wil weet wie God is, ons slegs na die Bybel toe kan gaan. As ons nooit die Bybel lees nie, kan ons onmoontlik met Jesus besig wees – dit is waar ons dan van Hom lees en leer. Let wel: Ons glo nie in die Bybel nie, ons glo in die Een waaroor die Bybel gaan. Die Woord is gesagvol, en leer ons wie Jesus is.

- **Gee 'n punt uit tien vir hoe belangrik die Bybel vir jou is. __/10**
- **Gee 'n punt uit tien vir hoe gereeld jy die Bybel dan lees __/10**




## #5 Soli Deo Gloria: Alleen tot die eer van God




Nie die Huisgenoot, Hollywood, die Men's Health of 'n mooi Facebook post nie, maar die Bybel alleen is die Christen se vertrekpunt. Augustinus het gesê dat die Bybel God se gesig sal wees noudat die vroeë kerk uitgesterf het. Dat as ons wil weet wie God is, ons slegs na die Bybel toe kan gaan. As ons nooit die Bybel lees nie, kan ons onmoontlik met Jesus besig wees – dit is waar ons dan van Hom lees en leer. Let wel: Ons glo nie in die Bybel nie, ons glo in die Een waaroor die Bybel gaan. Die Woord is gesagvol, en leer ons wie Jesus is.

- **Kan jy ook vir God die eer gee as dit baie sleg met jou gaan? Hoekom of hoekom nie? (Dit is 'n baie moeilike vraag.)**



Nou kan jy uit volle bors jou nuwe volkslied sing – die 5 solas gee vir ons 'n raamwerk vir die totale verstaan van ons geloof. Luister hierna na die preek en hoor of jy die beginsels van die solas kan hoor in die boodskap. Hierdeur begryp ons dat ons gered is uit genade, deur geloof in Christus, wat ons kry vanuit die Woord om eer te bring aan God!

## get real

- **Jou skoolhoof nooi jou vorentoe om die hele skool te vertel waarin jy glo. Hoe sal jou toespraak klink?**



# 20 4 HOEKSTENE van jou belydenis

MATTEUS
16:18

HEBREËRS
10:23-25

1 PETRUS
2:4-7



EFESIËRS
2:20


2 TIMOTEUS
3:16-17

EFESIËRS
4

1 KORINTIËRS
12:12-31

JOHANNES
14:6

# PRAAT DAAROOR



Ons het die afgelope jaar al 'n lang pad saam met mekaar gestap; baie is gesê en ons het behoorlik aan mekaar geskuur en geskaaf! Nou is dit tyd dat ons 'n bietjie gesels oor wat jou belydenis behels. Net soos wat Jesus vir Petrus gesê het dat hy die hoeksteen is waarop die kerk gebou word (Matteus 16:18), en Jesus die hoeksteen van ons geloof is (1 Petrus 2:4-7, Efesiërs 2:20), staan jou getuienis en belydenis by spesifieke hoekstene. 'n Hoeksteen is die steen wat die sterkste moet wees – dit dra die swaarste deel van 'n gebou en is verantwoordelik vir die stabiliteit van die bouwerk. Daarsonder kan jy geensins iets bou nie, dit sal inmekaarstort.

**Hoe raak dit jou?** Wanneer jy jou belydenisaflegging doen, gaan jy vier vrae gevra word, en dié vrae vorm die hoekstene van die getuienisjaar waarop ons vorentoe gaan bou.

## Hoeksteen 1: Die Bybel

**Old school vraag 1:** Glo jy dat die leer soos in die Ou- en Nuwe Testament en in die artikels van die Christelike geloof vervat is en hier geleer word, die ware en volkome leer van verlossing is?



In makliker woorde: Glo jy die Bybel? Dat mens slegs deur wat ons in die Woord lees, wat deur ons arikels en belydenisse bevestig en verduidelik word, gered kan word en dus versoen kan word met God?

Die Woord van God (die Bybel), is vir ons gegee om ons te help in ons lewe hier op aarde. Onfeilbaar, ewig, God-gegewe: Dit is ons Hoofbron waaruit ons leer oor God, Jesus, die kruisiging en opstanding, en die Heilige Gees. Sonder die Bybel is daar nie werklik Christenskap nie, daarom mag ons dit nooit ligtelik opneem nie. Ons sê die Skrif is Gees-geïnspireerd, wat beteken dat alhoewel mense soos ek en jy die boeke van die Bybel geskryf het, ons glo dat God deur sy Gees die woorde gebruik om lewens te verander. (Scoreboard - Die Bybel is steeds die boek wat die meeste verkoop word - die boek van alle tye.)

Daar was 'n ou in Paulus se belydenisklas met die naam Timoteus. Paulus het vir hom ook verduidelik dat die "hele Skrif deur God geïnspireer is en groot waarde het om elkeen (ons ook) in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die mens wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Timoteus 3:16-17).

Die artikels en belydenisse waarvan gepraat word, is stellings oor ons geloof en wat die inhoud van ons geloof verduidelik. Dit is iets soos die Apostoliese Geloofsbelydenis – iets waaraan mense lank gelede al gedink het. Ons het die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse leerreëls in ons kerk as belydenisskrifte. (Ander mense is deur God gebruik om hieroor te dink sodat ek en jy 'n bepaalde taal het om ons geloof mee uit te druk.)

- **In die tyd waarin ons vandag leef met so baie idees en opinies, dink jy die Bybel is nog ons hoofbron van waarheid?**
- **Gesels 'n bietjie daaroor. (Hou dit kort omdat dit maklik die gesprek in 'n ander gesprek kan stuur en daar nog 3 hoekstene is waarvan ons gaan leer)**



#HARDOP

## Hoeksteen 2: Getrouheid aan die kerk en leer

**Old school vraag 2:** Beloof jy om as lidmaat van die gemeente van Christus deur sy genade in die belydenis van die leer tot die einde van jou lewe te volhard, en alle leringe wat daarvan afwyk, te verwerp?



In makliker woorde: Belowe jy om altyd deel van die kerk van Jesus te wees, en te bly by wat jy sê jy glo?

Hierdie hoeksteen behels dat jy deel bly van die gemeenskap van gelowiges. As 'n mens 'n vuur bou en aansteek, en een kool word eenkant toe geskuif, dan is dit nie lank nie voordat daardie kool uitbrand of doodgaan. Net so is dit ook met jou geestelike lewe – ons is nie gemaak om dit alleen uit te leef nie. Daarom is een van ons hoekstene dat ons saam kerk toe gaan. Wat is die verskil? Ons is tog die liggaam van Christus (Efesiërs 4, 1 Korintiërs 12:12-31).

Verder glo ons ook dat die leer van ons kerk (wat Gereformeerd is) eg is, en nie opgemaak of vervals is nie – dat wat ons kerk sê solid is en dat dit vertrou kan word indien dit aan die Woord gemeet word. Ons verstaan is dat die kerk met al sy foute steeds die mees belangrike draer van God se verhaal na die mensdom toe is. Ons moet lief wees vir die kerk en besef dat ons 'n baie belangrike rol moet speel ten einde die kerk te help om met passie haar roeping na die wêreld uit te leef.

- **Gee vir jou kerk 'n punt uit 10. Waarop baseer jy dit?**
- **Dink jy dis nodig om deel van 'n kerk te wees? Hoekom sê jy so?**




## Hoeksteen 3: Jesus Christus

**Old school vraag 3:** Bely jy dat die Here Jesus Christus jou persoonlike Verlosser is en dat jy Hom liefhet? Beloof jy om Hom te dien, sy Naam getrou te bely voor die mense en om aktief aan die werksaamhede van die kerk deel te neem?



In makliker woorde: Beloof jy om 'n Christen te wees? Dit behels om Jesus se verlossing te aanvaar, Sy lering en leiding te volg, deel van Sy kerk te wees, en om dit vir die wêreld te vertel en te wys.

Soos vroeër genoem, is Jesus Christus die hoeksteen van ons geloof (1 Petrus 2:4-7, Efesiërs 2:20). Sonder Jesus, die kruis waaraan Hy vir ons sondes gesterf het, en die dood wat Hy oorwin het, sou ons vasgekeer wees in die vallei van die dood (Tool to Salvation).

Dit is alleenlik deur Christus wat redding kom, geen ander manier nie. Jesus het dit net so vir Tomas ook gesê dat Hy die Weg, die Waarheid en Lewe is en dat niemand na die Vader toe kom behalwe deur Hom nie (Johannes 14:6).

**Wat dink jy (dood eerlik!) sou jou vriende en ander mense in jou skool sê, as ons hul sou vra op watter manier hul kan raaksien dat jy 'n volgeling van Jesus is?**



## Hoeksteen 4: Aanspreeklikheid/ Accountability

**Old school vraag 4:**
Beloof jy dat jy jou onderwerp aan die kerklike opsigen tug?



In makliker woorde: Is jy okay as 'n Jesus-boetie of -sussie jou aanspreeklik (op track) hou ten opsigte van jou geloofslewe (kerk en sel bywoning, leefstyl ens.)?

Die tweede hoeksteen leer ons dat 'n mens deel van die kerk is, wat die liggaam van Christus is. Hoe maak ons egter wanneer ons sukkel om Sondag by die kerk uit te kom, of betrokke te wees, Bybel te lees, selgroep by te woon, op 'n uitreik te gaan ens.? Dit is juis hier waar dit goed is as iemand ons aanspreeklik hou.

Hierdie hoeksteen fokus daarop dat ons nie alleen die pad stap nie. Ons almal het mense in ons lewens wat ons kan help om op die regte pad te bly en te doen waarvoor ons commit het. As jy nie so iemand het wat vir jou sê wanneer jy op die verkeerde pad is nie, doen moeite om so iemand te kry. Dit is belangrik (en Bybels) om mense in jou lewe te hê (vriende/familie/mentors), wat jou terugtrek (terug na die groter vuur – die kerk, wat die liggaam van Christus is), en reghelp as jy besig is om af te koel/dood te gaan op jou eie (Hebreërs 10:23-25).


Dit gaan nie daaroor om mekaar te veroordeel nie, maar dat ons dit wat ons sê ons glo, ernstig opneem, sodat ons nie skynheilig is in die wêreld se oë nie, maar vir ander kan wys dat ons opregte volgelinge van Jesus is.

#HARDOP

- **Het jy iemand wat jou aanspreeklik hou? Wie is daardie persoon(e)?**
- **Uitdaging – as jy nie iemand het wat 'n aktiewe pad in terme van aanspreeklikheid met jou stap nie, gesels met jou groepleier daaroor.**

get real

**Jy kom agter dat 'n goeie vriend/vriendin van jou wat ook 'n volgeling van Jesus is, in 'n dodgy verhouding betrokke raak. Julle sien die persoon nie meer so gereeld nie, en sy/hy het baie verander. Wat dink jy is die beste ding wat jy en jou ander vriende kan doen in so 'n situasie?**



# 21 Romantiese VERHOUDINGS

EMOSIONEEL

SOSIAAL

FISIES

PERSOONLIK




GEESTELIK

LETS TALK ABOUT ...

HOLLYWOOD SE PRENTJIE

BYBEL SE PRENTJIE

# PRAAT DAAROOR



Sien dit voor jou afspeel: 'n Ou en 'n meisie se oë ontmoet oor 'n vol kamer, daar is 'n skielike spark, en na 'n aand of twee uit (die berugte Hollywood-saamslaap reël sê mos date drie), en 'n bakleiery en opmakery, dan is hulle nou saam en minder as 'n uur later is die tweetjies gelukkig verlief en verlore en vir altyd vir mekaar beskore. Tot die opvolg fliek. Klink dit bekend? Hierdie is die model wat byna elke liewe Hollywood fliek op die skerm sit om romantiese verhoudings uit te beeld. Tog weet ons dat dit omtrent die plek is waar verhoudings, huwelike ens. die slegste gaan, en die minste hou. Hoekom? Hulle het dan mos daai template wat hulle aan ons wil verkoop in die films... Ons lewe in 'n wêreld wat gevul is met stukkende verhoudings, huwelike wat nie hou nie, mense wat seerkry en sommer net die liefde afskryf. Die statistiek sê jou generasie stel al minder belang in trou, in langtermynverhoudings, en wil eerder korttermyn goed hê en doen. Met ander woorde julle generasie sit blykbaar met commitment issues. Wat dink julle daarvan? Iewers moet ons daarna kyk, want waarmee ons besig is, werk duidelik nie...

- **Hoe lyk 'n ideale romantiese verhouding?**
- **By wie het jy geleer hoe 'n romantiese verhouding lyk?**




Wat as ons vir jou sê dat daardie Hollywood beeld, 'n valse beeld is? 'n Verwronge beeld van iets wat mooi en heilig is, na iets wat goedkoop, kunsmatig en vlak is. G'n wonder dit hou nie. Glo jy dit? Kom ons kyk gou bietjie na waaruit daai verhouding bestaan en die volgorde daarvan...

## Hollywood-model

1. **Fisies:** Kry iemand wat vir jou "lekker" is. Gee, doen alles fisies denkbaar (insluitend saamslaap en seks hê), want eers as jy die deal geseal het, is julle amptelik saam (nê ouens?).
2. **Emosioneel:** Verloor jou hart op hierdie persoon, met die hoop dat hulle jou gaan heelmaak en deel al jou hartsgeheime wat jy oor die jare versamel het in een aand (You complete me...).
3. **Sosiaal:** Stel hulle aan jou vriende en familie voor. As hulle nie van die persoon hou nie, tough. Trophy wives lyk lekker op jou Insta profile.
4. **Persoonlik:** Besef jy moet seker iewers bietjie hierdie persoon beter leer ken (wat dikwels 'n train smash is as die persoon nie is wie jy gedink het nie).
5. **Geestelik:** Laastens, maar nie die minste nie, vind gou uit of die persoon ooit jou geloof deel en waar hulle met die Here staan. As hulle nie doen nie, dan is dit ook okay want dalk het die Here jou oor hulle pad gestuur om hulle te *convert.*




Met ander woorde: jy gooi alreeds alles weg (fisiese, emosioneel, skep sosiale verwagtings ens) nog voordat jy die persoon en sy/haar hart leer ken het. Klink dit gesond?

Wat is die fondasie hier? Hierdie Hollywood van verhoudings skree uit dat verhoudings gebaseer moet wees op een ding: Jou eie behoeftes. Selfsug. Iemand anders moet jou kom heelmaak, jou begeertes of lusts kom bevredig. Jy hoef nie alleen te wees nie. Dit gaan alles oor wat jy daaruit kry, en die eerste keer wat dit nou nie meer vir jou werk nie, dan roep jy dit en begin weer voor. Of mens kom agter jy het al hierdie intieme dinge vir iemand gegee (baie keer fisiese goed), voordat jy die persoon regtig geken het, en dan kry mens seer want jy leer daardie persoon is nie wie jy gedink het nie, of mens kan hulle nie vertrou nie. Dit gebeur meer dikwels as wat ons bereid is om te erken.




- **Stem jy saam, of nie? Hoekom?**
- **Dink jy 'n verhouding gebaseer op jou huidige behoeftes en begeertes het die vermoë om die toets van die tyd te weerstaan?**


## Jesus-model



Die huwelik tussen Jesus en sy bruid is die hoof metafoor vir Jesus se verhouding met ons (die kerk), so daar behoort 'n paar riglyne te wees... Soos so dikwels gebeur, sê Jesus presies die teenoorgestelde vir ons as wat die wêreld vir ons sê. Die model wat Jesus vir ons uitlê lyk soos volg:

1. **Geestelik:** Vind uit wat glo die persoon. Mens is wat jy glo – dit is hoe jy identifiseer. Ons tree op vanuit ons identiteit. Waaruit leef hierdie persoon – die wêreld of Jesus? 'n Huis op verskillende fondamente gebou staan moeilik. So of die persoon glo wat jy glo, is eintlik regtig belangrik!
2. **Persoonlik:** Leer die persoon ken. Van die rykste en mees intieme verhoudings kom vanaf mense wat vooraf vriende was. Mens kan nie in 'n verhouding wil wees as jy nie vriende ook kan wees nie (pasop net vir die friend zone).
3. **Sosiaal:** Kyk hoe hanteer hulle hul vriende en familie, kelners, karwagte ens. Dit sê baie meer oor wie die persoon werklik is as wat hulle vir jou noodwendig wys. Hulle gaan jou net so behandel. Luister ook wat jou vriende en familie oor hom/haar sê. Hulle ken jou eintlik, so dit is meeste van die tyd nie sleg om te luister na hulle nie. (Disclaimer: As jou partner aan jou slaan, verbaal afbreek of enigiets soortgelyk, kom so vinnig moontlik weg en kry professionele hulp - dit gaan nooit verander nie.)
4. **Emosioneel:** Eers daarna, as die bogenoemde dinge in plek is, dan kan mens jou hart gee met die wete dat mens die persoon ken en kan vertrou, en dat hulle jou geloof deel.
5. **Fisies:** Selfbeheersing is belangrik vir ware romantiese verhoudings. Hierdie fisiese intimiteit is spesiaal, en behoort nie met die hele wêreld gedeel te word nie. Dit geld vir alles van soen tot seks. Hoe skaarser iets is, hoe meer waardevol is dit. So ook beteken fisiese reinheid soveel meer wanneer mens die dag op trou staan, en is dit soveel mooier. Dit is ook hoekom seks vir die huwelik bedoel is. Dit is fantasties, maar dit is die toppunt van intimiteit tussen twee mense, en sodoende is dit bedoel om net met jou huweliksmaat gedeel te word (wat die mees intieme tipe verhouding is – maak nogal sin nê?). Dit is waarvoor God dit gegee het – om te kan geniet, met die een spesiale persoon in die wêreld. Seks is 'n viering van God se goedheid, nie iets banaal of kru nie. Ongelukkig het die wêreld dit goedkoop gemaak en verdraai. Maar jy besluit self of jy die doel waarvoor dit gegee is gaan volg of nie.

## Lets talk about sex (A lofty view of ...)



Jy moet mooi hoor dat God baie positief is oor seks. Dit lyk asof seks 'n wonderlike manier is om die huwelik te vier vir dekades lank, nie net op honeymoon nie. God dink baie mooi goed oor seks en daarom moet ons as volgelinge van Jesus ook positief wees oor seks. Dit is egter baie duidelik dat 'n romantiese verhouding oor baie meer gaan as net die fisiese. Jy mag dus nooit kwaad wees of dink die kerk is "koekkig" as ons jou wil oortuig dat seks, jou verhouding met die teenoorgestelde geslag en jou wellustigheid alles onder die gesag van Jesus geplaas moet word nie. Nie as 'n straf nie, maar as iets wat jou kan bevry van alle skuld en pyn wat gepaard gaan met romantiese verhoudings.

- **Wie van julle se plan is om met die volgende ou/meisie met wie jy uitgaan te trou?**
- **Indien nie, wat sou die doel van die verhouding wees?**



## Ons advies aan jou: Vry in die bondel!

Net voor jy opgewonde raak. Haal die vry uit die sinnetjie. Maar om baie mense te ontmoet, om in groot groepe te kuier en om nie jou lewe prys te gee alreeds op skool vir een persoon nie, is die beste advies wat jy vandag kan kry. God het elke mens uniek geskape, ons het so baie om bymekaar te leer. Gaan maak baie vriende/vriendinne en ontdek self met watter soort man/vrou jy eendag wil trou terwyl julle saam die Jesus model kan volg.

## get real

**Hier is van die beste raad wat ons oor baie jare in verhoudings versamel het en graag met jou wil deel:**

- Moenie jou lewe weggee op diep en intense skoolverhoudinge nie.
- As julle die hele tyd aanhou veg, is iets dieper verkeerd.
- Moenie alles oorvergeestelik nie. Dit maak baie seer en kan later iemand vervreem van Christenskap af. Dit is maklik om te sê: "Die Here het vir my gesê". Al wat die Here wel sê is dat hy julle afsonderlik baie lief het.
- As jy regtig wil weet of jy in 'n goeie verhouding staan, gaan vra jou beste vriend/vriendin wat hulle van julle verhouding sê.
- Los mekaar uit as julle praise en worship in die kerk. Julle irriteer almal om julle.
- Moet nooit toelaat dat enige skuldgevoelens jou lewe verwoes nie. Dit is die duiwel se plan.











## 5 goed om jou te help verstaan dat jy ge-bat is:

1. As die meisie vir jou sê dat jy soos 'n "boetie" is vir haar.
2. Om te hoor jy is "cute" is ongelukkig nie 'n kompliment nie.
3. As jy hoor: "Dit is nie jy nie, dit is ek". Sorry ou maat. Die skrif is aan die muur.
4. As jou boodskap langer as 5 minute ge-blue tick is spel dit niks goed nie.
5. Pick up lines werk bitter min: Behalwe as dit Bybelse pick up lines is: "Kom ek en jy maak soos Noag en die ark en vorm 'n paartjie"...








# 22 VERHOUDINGS met vriende

1 KORINTIËRS 15:33


SPREUKE 27:17



SPREUKE 13:20

You are the average of the 5 people you spend most of your time with.

# PRAAT DAAROOR




Die boublok wat kyk na vrienskappe kan nie onderskat word nie. In God se nuwe wêreld gaan jy baie van jou tyd saam met vriende spandeer. Om die regtes te kies, die regtes te beïnvloed en die regtes te laat gaan is 'n kuns wat nie maklik vervolmaak word nie. Ons almal het al die slagspreuke gehoor van "yster slyp yster" (Spreuke 27:17) en "meng jou met die semels en die varke vreet jou" ens. Ongetwyfeld speel ons verhoudings (familie, vriendskap en romanties) 'n belangrike rol in ons lewens. Hoekom? Want ons glo in 'n God van verhoudings. Ons geloof is gebaseer daarop dat God in 'n verhouding met ons wil staan, en dat Jesus die Weg tot daardie verhouding is deur die kruis. So het ons geloof iets te sê oor vriendskappe? Definitief. Persoonlike verhoudings is so krities omdat dit ons maak of breek. Dit beteken ons vriendskappe bou ons op of breek ons af. Jim Rohn het nie verniet gesê: ***"You are the average of the five people you spend most of your time with"*** nie. Die wonderlike ding van vriendskappe is dat jy dit kies. Jy kies en neem eienaarskap van die verhoudings met mense waarin jy staan.

- **Dink saggies aan wie die EEN vriend is wat die grootste invloed op jou het.**
- **Hoe lank is hierdie persoon al in jou lewe?**




Die realiteit is, ons word soos die mense waarmee ons onsself omring, daarom is dit so belangrik vir ons om onsself te omring met individue wat positiewe invloede het op ons lewens. Vriendskappe en verhoudings gebaseer op ***geloof, positiewe waardes en ondersteuning***. Net so goed soos wat ons vriende vir ons kan wees, so destruktief en verwoestend kan slegte vriende wees – onthou 1 Korintiërs 15:33: Slegte geselskap bederf goeie sedes. Dit beteken jou vriende kan jou aftrek ook, van die wal af reg in die sloot in. Onthou dit as jy jou vriende kies en jou vriendskappe analiseer.


- **Wie is die 5 mense saam met wie jy die meeste tyd spandeer?**
- **Hoe beïnvloed elkeen jou?**
- **Wat dink jou beste vriend/vriendin se ouers van jou as jy moet eerlik wees?**












## So hoe kyk ons daarna?

Ons het reeds vir mekaar gesê dat ons geloof gebaseer is op verhoudings en gemeenskap. So wat maak ons dan met ons vriendskappe? Veral wat maak ons met ons vriendskappe wat nie altyd so opbouend is nie? Hier is so bietjie van 'n riglyn om volgens te dink...

Verbeel jou al jou verhoudings pas in konsentriese sirkels in (hoëgraad term - ons weet). Die buitenste sirkel is die wêreld, alle tipe mense van oral af. Die buitenste sirkel is nie veronderstel om 'n groot impak om jou te hê nie maar nuwe idees en tegnologie maak dat hierdie mense ons tog beïnvloed.

Die volgende sirkel verteenwoordig jou gemeenskap. Jy kies van watter gemeenskappe (in terme van kerke, klubs, groepe ens) jy deel wil wees. Dit is nie noodwendig intiem of persoonlik nie, al kan dit wees, tog staan jy wel in verhouding met hierdie mense, en julle leef min of meer volgens dieselfde waardes en norme, of doen dieselfde aktiwiteite. Dit is groot groep gebaseer. Hierdie voorafgaande sirkels is meestal buitemense wat mens nie noodwendig altyd persoonlik ken nie. Hoe hanteer ons hulle? Met die naaste liefde van Christus – respek en waardigheid.



Nou vir die volgende sirkel. Bietjie nader aan jou. Dit is jou kennisse – die mense wat jy ken maar ook nie eintlik ken nie. Dit sluit ook in jou vriende maar ook nie werklik jou vriende nie – jou kuiermense. Daardie mense saam met wie jy kan kuier en braai, maar ook net elke nou en dan, met wie mens nie te persoonlik raak nie.

En dan laastens, jou binnekring. Hierdie is die kritieke een, as ons praat oor vriendskap. Wie is in hierdie groep? Dit is die mense wat ons die meeste gaan beïnvloed, so ons moet mooi besluit wie laat ons hier toe. Is hierdie impak-volle vriende mense wat ons ondersteun en opbou, ons help om te groei, ons help om te onderskei waar God ons wil hê? Of hou hulle ons eintlik terug, lei ons in die versoeking, keer ons om te wees wie God ons gemaak het om te wees?

Lees Spreuke 13:20

- Waar pas jou vriende in?
- Waar pas jy as vriend/in in?



#HARDOP

- **Wie is in jou binnekring?**
- **Watter eienskappe is kenmerkend van hierdie vriendskappe?**
- **Bou hulle jou op of breek hulle jou af?**


# 23 VERGIFNIS

EFESIËRS 4:31-32



MATTEUS 18:22

# PRAAT DAAROOR



Daar was eendag 'n jong man wat vis gevang het in die dam. Hy het alles op sy boot gehad wat hy nodig gehad het, van koeldrank, kos, visstokke, 'n stoel en selfs 'n radio wat vir hom rustige musiek in die agtergrond speel. Dit was 'n mooi dag en hy het baie vis gevang. Terwyl hy nog so rustig op die dam was kom daar 'n groot vis aan, wat die boot stamp en dit veroorsaak dat die visserman sy toebroodjie in die water laat val toe hy amper ook in die water val. Sy radio breek toe dit die boot tref en sy laaste koeldrank die boot se dek mooi inkleur, terwyl die visse wat hy reeds gevang het rond spartel.

Die visserman was woedend en het die vis agterna gesit met sy harpoengeweer (speargun). Die visserman het toe die vis raak geskiet en die vis het die man en die boot begin rondsleep oor die water. Die vis het hom van die eenkant na die anderkant toe gesleep en die boot was selfs teen rotse vas getrek wat die boot beskadig het. Dit het so lank aan gegaan dat die visse wat op die boot was begin vrot en stink het en dat die man se lewe nou op die spel is.

Die visserman moes 'n keuse maak, hy kon of los en die vis kom weg, of hy hou vas maar hy gooi sy lewe weg. Maar wat die man nie besef het nie, is dat dit nie hy is wat die vis het nie, maar eerder die vis wat die man het en wat in beheer is van hom en sy lewe. Dit is nie die visserman wat besluit waarheen hy gaan nie, maar eerder die vis wat die man tussen die rotse deur sleep en oor die water tot op so punt dat die visse wat hy gevang het die boot laat vrot. Jy sien as die man die tou knip, dan kan hy stop en die boot skoon maak en weer rustig visvang en dit geniet. Maar solank hy dit nie doen nie, is die vis in beheer van sy lewe en stink sy boot van die dooie vis op die boot.

Dit is net so met vergifnis, dit is om die tou te knip en te laat gaan, 'n bewustelik keuse te maak ten spyte van hoe jy mag voel en te sê ek vergewe. Daarmee sê mens nie dat dit wat die vis (persoon) gedoen het reg is nie, maar dat jy laat gaan en gaan voort met jou lewe al was dit wat die persoon gedoen het verkeerd. Dit is om die vrot vis van jou boot af te haal, skoon te maak en weer te begin lewe!






- **Wat is vergifnis?**
- **Wat leer Jesus ons oor vergifnis?**
- **Waar het jy die eerste keer van vergifnis geleer / gehoor?**
- **Hoekom moet ons vergewe?**
- **Lees saam Efesiërs 4:31-32.**
- **Wat leer die teks ons oor vergifnis?**

Efesiërs leer ons dat ons Jesus se voorbeeld moet navolg en vergewe, nie net vir onsself nie maar ook omdat Hy ons vergewe het. Jesus vra vir ons in Matteus 18:22 dat ons nie net een keer of selfs sewe keer iemand moet vergewe nie, maar sewe maal sewentig keer moet vergewe! Jesus ag vergifnis so belangrik dat Hy dit selfs in die Onse Vader sit wanneer Hy ons leer om te bid. Binne die gebed leer Hy ons om *"die wat teen ons gesondig het te vergewe, net soos die Vader ons vergewe het en dat die Vader ons van die Bose moet bewaar."*

Jesus weet wat die nagevolge is wanneer 'n persoon met kwaad en woede rondloop, as mens die kwaad binne jou versorg en laat groei. Hy weet dat dit dood en seer bring en dat dit ons nie toelaat om volheid te lewe vir Hom nie. As ons nie laat gaan nie dan mis ons Sy liefde en dat jy jou roeping kan mis omdat jy besig is om op die verkeerde plekke te fokus en nie laat gaan nie.

God weet dat die lewe ons soms seermaak en onregverdig is, maar Hy waarsku ons ook om te laat gaan omdat Hy weet as ons haat gaan laat groei dit baie meer skade gaan maak. Maar as ons na Vergifnis kyk mens met oë van genade na ander, net soos God na ons kyk deur wat Jesus gedoen het aan die kruis vir ons. As ons vergewe raak dit 'n getuienis van genade en dit stuur ons om te gaan getuig.

## #HARDOP

- **Waar moet jy dalk die tou laat gaan?**
- **Is daar iemand wat jy moet vandag vergewe?**

## Stilgebed

Bid vir die persoon en vra dat God hulle sal vergewe en ook jou sal help om te vergewe waar dit moeilik is. Kom lê die persoon/ ding neer voor God wat jy moet laat gaan en vra Hom om genesing te bring

Hier is 'n lied wat julle dalk kan luister om stil te word.

YouTube

**Forgiven**

*Crowder*



## Jesus het 'n binnekring gehad



Ja, Hy het tyd saam met al 12 dissipels spandeer. Tog het hy drie besties gehad. Jakobus, Johannes en Petrus. Toe hy angsbevange in die tuin van Getsemane gewag het vir sy dood wou hy slegs tyd met sy naby vriende spandeer.

- **Is dit moontlik om baie goeie vriende te hê met wie jy jou lewe kan deel?**

#HARDOP

Ons reken dat soos Jesus, dit moeilik is om jou lewe met meer as 'n paar mense te deel. Wees versigtig, veral op skool waar jy so groot obsessie het om met almal vriende te wees. Dit is nie moontlik om jou emosies met soveel mense te deel nie. Kyk eerder wie is die klein groepie mense die heel naaste aan jou.

## Groepsdruk



**Elke vriendekring het 'n bepaalde identiteit.**
Ons kry die koeke, die visvang gang, die jocks, die nerds, die dansers, die losers en die hoog heiliges. Êrens behoort jy heel moontlik in so groep. In julle bepaalde subkultuur word daar sekere goed van jou verwag. Soos om deurnag te moet LAN en Fortnite te speel, of om sekere goed op partytjies te doen.

Die toets van jou geloof gaan ironies van die mense kom die heel naaste aan jou. Dit is hierdie kring vriende wat gaan maak of jy jou eie getueinis ernstig gaan opneem en of jy die Here gaan uitskuif. Jou vriende is nie die moeite werd om jou verhouding met die Here prys te gee nie. Jy moet eerder jou vriendekring sien as 'n groep wat beïnvloed kan word deur die Evangelie. Jy mag bid dat die Here jou sal invloed gee in jou vriendekring om 'n verskil te maak. Jy is immers geroep vir dit, saam met jou kerk in die nuwe wêreld.

- **Kan jy aan 'n voorbeeld dink van iets wat jy gedoen het, gesê het of dalk aangetrek het onder die invloed van jou vriendekring?**
- **Sou jy jou vriendekring kon prysgee as hulle jou wegtrek van jou verhouding met die Here?**

#HARDOP


## get real

- **Die nare waarheid: 'n Vriend/vriendin wat nie die Here ken nie en nog nie gesterf het in sy/haar eie selfsugtige begeertes nie, gaan heel moontlik nie die mees lojale vriend kan wees nie.**

- **Maak jou oë toe: Vra dat die Here dalk vir jou 'n vriend/vriendin wys wat nie goed is vir jou nie. Dit is nie altyd maklik om eerlik oor die goed te wees nie. Dalk kan jy dit vir die eerste keer net erken aan jouself. Gee nou hierdie vriendskap vir die Here en vra Hom om jou te wys hoe om dit te hanteer .**

# 24 KULTURELE Intelligensie

ROMEINE
12:16-18



2 KORINTIËRS
5:17-20

KOLOSSENSE
3:11-12

# PRAAT DAAROOR

Vir baie jare staan ons Suid-Afrikaners bekend as die Reënboognasie. Ons is omtrent 'n mengelmoes mense wat hier aan die suidpunt van Afrika saam bly! Omdat ons so 'n wye verskeidenheid mense is, is daar baie verskille tussen ons. Hierdie verskille kan of maak dat ons vir mekaar vreemd is en bly, of ons kan moeite doen om mekaar se verskille te verstaan.

Watter rol speel die feit dat ons deel is van God se nuwe wêreld, in die manier hoe ons omgaan met verskillende mense in ons land? Op watter manier kan die burgers van ons land sien dat ons wat volgelinge van Jesus is, anders optree teenoor mekaar?

- **Watter verskille kon jy al raaksien tussen mense/kulture in ons land?**
- **Het jy al 'n Afrikaanse persoon wat 'n Afrika taal kan praat, dopgehou? Hoe reageer mense wanneer so 'n persoon met iemand in hul eie taal praat?**

#HARDOP

In God se beeld...

Een van die belangrikste dinge wat ons as volgelinge van Jesus moet onthou, is wat ons vroeg in Genesis raaklees. Ons lees dat God die mens geskep het, en Hy was tevrede met wat Hy geskep het! Verder lees ons dat Hy die mens in sy beeld geskep het. Wat beteken dit?

Wel, dit beteken dat elke mens op aarde iets van God self in haar/hom het. Dit was die Here se doelbewuste plan om iets van Homself in die mens in te grafeer. Dit is hoekom mense die vermoë het om dinge te doen wat ons aan God herinner, soos om om te gee vir mekaar, om kreatief te wees, om liefde uit te leef, om te vergewe.

Selfs wanneer mense optree teen die wil van God, is dit belangrik om te onthou: God het elke mens in sy beeld geskep. Nie net sommige van ons nie. Almal. Daarom is ons werk as God se gestuurdes, om elke mens met respek te hanteer, en met menswaardigheid.

- **As elke mens in God se beeld geskep is, wat beteken dit vir hoe ons na mense kyk?**
- **Op watter maniere het jy al agtergekom, hanteer mense (en jy self) nie mekaar as gelykes nie? Waar, sien jy, dink mense hul is belangriker as ander?**

#HARDOP

## Kulturele intelligensie gaan jou ver bring!



Jare gelede het mense 'n groot bohaai gemaak oor die mens se IK. As jy 'n hoë IK gehad het, het mense gereken jy gaan dit nog ver maak in die lewe! Toe kom emosionele intelligensie (EI) op die toneel, en ons besef dat hoe meer ons in beheer van ons emosies kan wees, hoe beter. Suksesvolle mense het emosionele intelligensie.

In 'n land soos Suid-Afrika (en eintlik oor die hele wêreld) is kulturele intelligensie baie belangrik! 'n Kultureel intelligente persoon is iemand wat nie net by haar/sy eie manier van dink oor die lewe vassteek nie. So 'n persoon probeer om altyd op die uitkyk te wees vir die verskille tussen mense, en te probeer verstaan hoekom mense anders praat, dink en optree.

In Romeine 12 gee Paulus baie belangrike raad aan die gelowiges in Rome. Hy herinner hulle dat hul alles in hul vermoë moet doen om nederig te wees, om in verdraagsaamheid teenoor alle mense te leef, en sover moontlik, in vrede met alle mense saam te leef. Om dit te kan regkry in vandag se tyd, moet ons met kulturele intelligensie leef. Sonder kulturele intelligensie, sal ons nooit werklik ander mense verstaan nie.

- **Kan jy dink aan iemand wat jy ken, wat met kulturele intelligensie leef? Hoekom sê jy so?**

#HARDOP

## Kulturele intelligensie gaan jou ver bring!

As jy dink aan dinge wat deel is van jou kultuur, wat staan vir jou uit? Braaivleis, rugby, musiek, dalk selfs kerk? Dit is nogal lekker om te weet dat daar dinge is wat ons as mense saambind; dinge wat ons saam doen en dinge wat ons saam kan geniet. Ons hoef ook nie skaam te wees oor wie ons is en waar ons vandaan kom nie. Volgelinge van Jesus dink wel so 'n bietjie anders oor kultuur en identiteit: wie ons is.

Ons lees in Kolossense 3 dat dit vir ons nie belangrik is wie iemand is en waar iemand vandaan kom nie (Griek of Jood, soos Kolossense skryf); die belangrikste is dat Christus alles en in almal is. Dit is wat ons define. Of ek nou van braaivleis, pap of samoosas hou; ons wat in Jesus glo het dieselfde identiteit. Die liefde en genade van Jesus bind ons saam. En daarom: wat die liefde van Jesus saamgebind het, kan ons nie kies om te skei nie. Inteendeel; as burgers van God se nuwe wêreld, het ons die verpligting om naby aan mekaar te probeer leef. Ons kan nie toelaat dat ons aardse kultuur maak dat ons nie in verhouding met mekaar kan of wil leef nie. Ons primêre identiteit sê dat ons boeties en sussies in Christus is! Ons almal deel dieselfde DNA: die beeld van God leef binne ons!

#imagine

Het jy al van #Imagine gehoor? By #Imagine leer ons om mekaar te groet deur 'n hashtag te wys en te sê: "Sawubona; I see you!" Dit is letterlik wat Sawubona beteken. Doen jy moeite om die mense met wie jy in aanraking kom, regtig raak te sien? Dit is die Jesus-weg!

get real

**Kom ons dink saam aan 'n paar pick-up lines! Wanneer jy te doen kry met iemand wat anders as jy is, watter vraag/vrae kan jy vra om so 'n persoon beter te leer ken en beter te verstaan?**

**Dink vooruit: Dis Nasionale braaidag! (Erfenisdag). As jy kultureel intelligent wil leef, op watter kreatiewe manier kan jy braaidag vier?**




# 25 SENDING

HANDELINGE 1:8




MATTEUS 28:19

# PRAAT DAAROOR



Een van die belangrikste vrae wat enige mens haar/homself kan vra is: "Wat is die doel van die lewe?". Vir ons wat in God se nuwe wêreld glo en leef, kan ons nie leef sonder 'n duidelike missie nie. Jesus is eintlik baie duidelik oor wat ons doel is hier op aarde. Kom ons vind uit!



- **Wat dink julle is die missie van die Christendom?**




Het Jesus regtig vir ons kom sterf sodat ons ietsie ouliks kan doen oor naweke wat ons ego's streel en heel heilig laat voel? Nee. Ons praat van Jesus as ons Redder en Verlosser, en as ons dit nie as werklikheid aanvaar nie, dan gaan die missie van die Christendom, die opdrag wat aan ons gegee is, nooit 'n werklikheid word in jou lewe nie. Die great ding is: Jesus nooi ons om deel te word van hierdie reddingswerk wat Hy in elkeen van ons begin het!

- **Hoekom praat ons van Jesus as Redder en Verlosser?**
- **Van wat red Hy ons?**




Eers as hierdie dinge, en die liefde en genade van God wat daarin vervat is, 'n werklikheid vir jou geword het, gaan jy die erns van die missie van Christene kan verstaan. Eers wanneer ons die een wat gesê het Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe ernstig opvat op sy woorde, gaan ons besef waaroor dit gaan. So wat is hierdie missie van Christene dan?



**Lees**

**Matteus 28:19**
**Handelinge 1:8**

**Dit is ons gelowiges se missie:** Om die boodskap van redding wat Jesus gebring het, en wat Hy bewerkstellig het, uit te neem na die uithoeke van die aarde toe. Om vissers van mense te wees wat aktief dissipels maak en dien in die nuwe wêreld van God. Jesus het gekom om redding te bring en die gebrokenheid van die mensdom te herstel. En Hy het ons, sy kerk, die liggaam van Christus vertrou met hierdie boodskap van liefde, geregtigheid, vrede en versoening. Dit word gedoen sodat almal uiteindelik saam God kan loof en prys!
So hoekom is dit nodig? Kom ons kyk bietjie na van die statistieke wêreldwyd:

- Die wêreld het 'n populasie van **7.75 miljard.**
- Daar is **17 400** verskillende etniese / kulturele groepe wêreldwyd.
- **7400** van hierdie groepe is onbereik, dit is **42.5%.**
- Daar is **3.23 miljard** mense in die wêreld wat onbereik is.
- *onbereik: minder as **2%** Jesus volgelinge en minder as **5%** belydende Christene.



**Vir meer statistieke** **https://bit.ly/3A5DLiO**

Dit wil sê: 'n minimum van 55 000 mense sterf elke dag, sonder dat hulle ooit enigsins die naam van Jesus gehoor het... **Dit is 'n tragedie.**

Nog erger is dat sowat 2/3 van die onbereikte mense op aarde in die 10/40 venster lê. Sowat 3 miljard mense wat in een strook leef. En tog is die hartseer gedeelte dat net 1 uit elke 10 sendelinge in hierdie area woon en werk waar dit die nodigste is.

**Time is Running Out**

Hoekom moet ons omgee? Ons het vroeër in die jaar vinnig geraak aan die globale kerk, en die opdrag wat ons het rakende dit. Ons word geroep om die Woord van God uit te dra na die uithoeke van die aarde toe. Dit is die een, enkele belangrikste opdrag wat Jesus aan ons gegee het. Tog vind gelowiges dit moeilik om om te gee oor ander mense in die wêreld wat verlore gaan...

Ons lewe in 'n land, en 'n wêreld wat ongeregtigheid ken, en daagliks ervaar. Daar is ongelooflike nood waarby ons moet betrokke raak, met ons tyd, met ons lywe, met ons geld, met alles wat ons is. Of ons kan maar net terugsit en sê dit is maar okay, dit raak ons nie. Jou keuse.

- **Hoe laat die statistiek wat sê dat 55 000 mense per dag sterf sonder dat hul ooit van Jesus gehoor het, jou voel?**

**#HARDOP**

Sê ons dan dat elke gelowige moet gaan en voltydse sendelinge iewers gaan wees? Nee. Ons sê jy is reeds 'n sendeling, 'n gestuurde van God hier waar jy hierdie lees. Wat ons sê is dat gelowiges nie kan bekostig om nie om te gee oor sending nie. Gelowiges kan nie nié missionale lewens leef nie, want dit is uiteindelik 'n kritiese aspek van die Jesus-lewe. Ons kan nie sê ons is Christene (letterlik beteken dit "soos-Christus") as ons nie missionaal uitgaan en die opdrag van Woordverspreiding en dissipelskap gehoorsaam nie. Elke gelowige is 'n gestuurde van God, of dit na jou vriendekring is en of dit Nepal of waar ookal toe is, dit is ons verantwoordelikheid om uit te vind waarnatoe God ons wil stuur, en te gehoorsaam. Selfs al is dit nie altyd lekker plekke nie. Die wêreld kan nie minder bekostig nie. Dit is uiteindelik waarmee ons besig is, dit is ons missie: Om instrumente te wees in die redding van die wêreld self, deur die krag van die evangelie en die Gees van God.

## #HARDOP


- **Kan jy aan 'n spesifieke keer dink waar jy iewers heen, of na iemand spesifiek geroep is? Deel dit met iemand in jou groep. (Dink net logies en rustig oor die vraag. Enige tyd wat jy gevoel het die Here vra van jou om in liefde iets vir iemand te doen).**

Dit is altyd die vraag nê? Al die teorieë wat jy al gehoor het, al die leringe, al die preke ens. is om jou voor te berei vir dit. Dit is nie alleenlik om jou deur jou week te kry nie, maar is ook om jou gereedskap te gee om 'n sendeling te wees waar ookal jy mag gaan, as gestuurde in Jesus se naam. So hoe lyk dit dan prakties?

- Dit kan (moet) uitreike insluit, kort termyn en langer.
- Dit sluit in om ingelig te wees – lees, kyk nuus ens. Jy kan nie help as jy nie weet wat aangaan in die wêreld nie.
- Dit sluit omgeegroepe in, wat mense intrek, opbou en ondersteun.
- Dit sluit finansies in, om jou bydraes te gee vir die nuwe wêreld van God.
- Dit sluit inskakeling by 'n geloofsgemeenskap in, waar jy toegerus en geleer word en gemeenskap kan beleef.
- Dit behels 'n ander uitkyk op die lewe – die Jesus-uitkyk waar mens nie vir jouself leef nie, maar leef om te dien. Radikaal anders as die wêreld, tog, steeds in die wêreld.
- Selfsug het uiteindelik geen plek in die missie van die gelowige nie. Ons word geroep om uit te gaan, om die boodskap van Jesus uit te vat na al die nasies toe, om dissipels te maak. So waarvoor wag jy?

## get real

1. Ons is almal wêreldburgers; die wêreld raak al hoe kleiner. Daar is 'n goeie kans dat jy dalk vir 'n seisoen oorsee kan gaan om te au pair, stroop, skoolhou, kontrak werk te doen of selfs te swot. Sê nou jy eindig vir 'n ruk op in 'n land of stad waar die Jesus-lewe nie die norm is nie; hoe sal jy jou geloof prakties kon uitleef en deel met die mense rondom jou?
2. Jy is op pad na 'n sporttoer of enige ander toer wat deur die skool aangebied word. Wat sal 'n jongmens wat haar/homself as 'n sendeling van God se nuwe wêreld sien, onderskei van die res van die groep?



# Die 25 Bloublokke van jou

# GETUIENISJAAR

Die groter storie van God en die mens soos wat ons dit lees in die Bybel het ʼn baie duidelike begin en einde, meer as net Genesis tot Openbaring. Dit is duidelik dat God ʼn versoendende plan van die heel begin af gehad het. Hy is ʼn God wat baie lief is vir sy skepping. Hierdie boek probeer op ʼn kreatiewe manier ʼn storie te vertel van jou eie redding en roeping as ʼn volwaardige dissipel van Jesus. Jy gaan dus te doen kry met ʼn kronologie wat met die vraagstuk van alle tye begin: Hoe gaan ons die skeiding wat sonde tussen jou en God gebring het oorbrug? Die oplossing is in Jesus wat ons roep tot ʼn nuwe lewe in hom en deur hom.

Redding tot roeping vertel die storie van God, sy nuwe wêreld en die kerk as organisasie wat verandering meebring. Al ons teologiese denke oor God is ontwikkel oor dekades deur kervaders wat die pad voor ons gestap het. Die waarhede in die belydenisskrifte is steeds net so relevant soos altyd, dit vra net vir nuwe taal. Daar is soveel sentrale waarhede, rituele en tradisies in die gereferomeerde teologie wat ons probeer ontsluit juis sodat dit sin maak vir die leser.

Terugvoer oor die laaste drie jaar deur juis ons lesers het ons gereeld kom herinnner dat "hulle" in die "regte" wêreld leef en dat alles wat ons op ʼn Sondag leer, hulle ook moet help op ʼn Maandag. Daarom raak die materiaal ook aan verhoudings tussen vriende, romantiese verhoudings asook ons verhouding met God. Ook die moeiliker temas, wat ons maklik onder die mat vee, probeer ons aan te raak in oorleg met kundige opinies en somtyds ʼn bekendtenis dat ons eenvoudig nie die antwoorde het nie. Soos oor die dood en wederkoms en die geestelike wereld. Elke boublok eindig met ʼn "Get real" vraag wat ons gebruik om die teorie by die praktiese uit te bring.

Uiteindelik dink ons dat ons vir jou ʼn goeie idee kan gee van wat dit behels om Jesus te volg in die 26 boublokke wat ons neersit. Mag jy ʼn belewenis hê van geestelike groei op hierdie fondasie waar ons storie van redding tot roeping vir jou kom vertel.

moreleta
kerk